

HOOFSTUK 4

WERKLIKHEIDSVISIE IN 'N KINDERVERHAAL - SOEK-SOEK OP SOEK

4.1 INLEIDEND

In resensiereaksies deur volwassenelesers is *Soek-soek op soek* (1980) byna deurgaans positief ontvang - namens die lesers vir wie dié teks natuurlik in die eerste plek bedoel is, naamlik die jonger kind. 'n Siening wat verteenwoordigend is van ander uitsprake oor hierdie fantasieverhaal, is dié van Wessels (1980:2): "Die boek is vlot geskryf en sal baie byval vind by lesertjies van ses tot agt jaar. Die kabouters is kabouters terwyl die muise muise bly en nie menslike gestaltes aanneem nie." In dieselfde trant sê Gilfillan (1980:8): "Daar bestaan min inheemse fantasieverhale in Afrikaans. Daarom kan hierdie bydrae van Elsabe Steenberg verwelkom word." 'n Anonieme resensent (Anon., 1980:36) meen dit is "'n pragtige, deurdagte fantasie en beslis 'n verryking van die kinderliteratuur. Hierdie verhaal waarin die stryd tussen goed en kwaad heg verweef is, vergelyk goed met die beste fantasieë in wêreldliteratuur." Hieruit blyk dat die belangrikste evalueringsnorme hier gaan om die beelding van die karakters, die geslaagde hantering van fantasie en die konkretisering van die universele stryd tussen goed en kwaad, wat deel uitmaak van die werklikheidsvisie in dié kinderverhaal. Om die werking van die representasie van die werklikheidsvisie in hierdie verhaal in besonderhede na te gaan, is dit nodig om alle tekens en tekensisteme, asook kodes op sintagmatiese en paradigmatische asse in ag te neem, alhoewel die beskrywing daarvan geïntegreerd sal wees (vgl. 2.4.6.1 en 2.5).

4.2 LITERÊRE REPRESENTASIE IN DIE KINDERVERHAAL

Ghesquiere (1981:89-92) wys daarop dat die geïntendeerde leser 'n belangrike rigsgnoer vir die outeur van kinderverhale is. Sy beskryf die geïntendeerde leser as die beeld wat die sender van die ontvanger saamdra wanneer hy aan 'n teks werk.

Hierdie geïntendeerde leser is 'n "smeltkroes van reële lezers en ideële modellen". Die beeld wat die outeur van die abstrakte kinderleser het vir wie hy skryf (veral die ouderdom van die leser), sal sy manier van dink en skryf - sy totale representasiesisteem - bepaal, sowel wat die keuse van die onderwerpe betref as die manier waarop hy dit sal behandel. Southall (1975:36) beskou die skryf van kinderboeke as 'n gesamentlike ontdekkingsreis deur die outeur en die leser en sê ten opsigte van die abstrakte, geïntendeerde leser: "Within my capacity I endeavour to make each journey with a boy or girl beside me. I see him there. I feel him there." Hy sinspeel ook verder daarop dat ook die kinderleser oop plekke in die teks moet invul (vgl. 2.4.5) deur self verder te dink tydens die leeshandeling: "If occasionally my stride is too long and they have to stretch, it will not be the last time they are required to run to keep up with a man who is intent upon taking them somewhere." (Southall, 1975:36.)

Wat die literêre representasie in die kinderverhaal betref, word van die standpunt uitgegaan dat die teksinterne kommunikasiesisteem neerkom op die ontmoeting van die implisiete outeur en die implisiete leser. Chambers (1985:35-37) beskou dit as selfs meer as 'n ontmoeting - dit is die skep van 'n verhouding tussen die outeur en die leser met die doel om betekenis te kommunikeer. Om die literêre representasie in die kinderverhaal te verduidelik haal Chambers (1985:36) Booth aan om sy siening dat die outeur 'n beeld van homself asook 'n beeld van sy leser skep te ondersteun, en sê verder dat die mees suksesvolle kommunikasie geskied wanneer hierdie abstrakte selwe - outeur en leser - volkome op mekaar kan instem en volkome ooreenstemming kan bereik ('n ietwat vrye vertaling van die oorspronklike Engels). Hy vervolg met die stelling dat net soos wat die outeur se "second self", wat hier genoem kan word die abstrakte of implisiete outeur geskep word deur die gebruik van verkillende tegnieke, so word ook die leser-in-die-boek geskep deur verskeie tegnieke, middele of kunsgrepe. Benewens die ideaal dat die *implisiete outeur* en die *implisiete leser* moet saamstem, is dit ook waar dat hulle ooreenstem in die opsig dat albei literêre gegewe is; anders gestel - albei kom in die *teksinterne kommunikasiesituasie* neer op *teksinterne, betekenisdraende tekens, tekensisteme en kodesisteme* wat by tiener- en volwassenelezer, maar veral by die kleuter en kind op onbewuste vlak werksaam is, omdat 'n kleuter en kind nog nie die bewuste literêre kompetensie van 'n volwassenelezer het nie. Alhoewel hierdie leesproses op onbewuste vlak by die

kinderleser geskied, is dit tog moontlik om dit literêr-wetenskaplik te ondersoek. Hierdie standpunt word deur Bouckaert-Ghesquiere (1981:83) soos volg verduidelik: die afstand van die geïntendeerde leser na die implisiete leser is nie so groot nie; konkrete beskou beteken die lesersrol die geheel van teksaanwysings wat die leesproses van die leser (in hierdie geval die kinderleser) stuur en wat dan beteken dat dit 'n teksimmanente gegewe is wat 'n soort "signaal- karakter" het waarop reële lesers heeltemal verskillend kan reageer. As aangeneem word dat die implisiete outeur en die implisiete leser albei 'n tekenkarakter openbaar (vgl. 2.4.6), kan in die geval van die kommunikasieproses ten opsigte van die visie in kinderverhale gefokus word op die wyse waarop tekstekens (alles binne die teks kan beskou word as tekens wat kan aandui of die geïntendeerde leser of implisiete leser 'n kind is) funksioneer vanaf die enkele klank tot by die geabstraheerde visie in die verhaal.

Om die betekenis wat 'n spesifieke teks vir die kinderleser het na te gaan, is dit nodig om die tekstekens en tekensisteme met inagneming van die geïntendeerde leser of die implisiete leser te dekodeer tot die geabstraheerde visie in die verhaal. So sal daar gevolgtrekkings gemaak kan word met betrekking tot teksinterne werklikheidsvisie van bepaalde karakters oor die ander karakters wat die verhaal bevolk, oor die ruimte waarin hy hom bevind, oor die betekenis van tyd (al dan nie), sy visie op die gebeure binne die verhaal, ook die visie van die verteller op die verhaalwerklikheid waaroor hy kommunikeer en die insigte waartoe hy kom en standpunte wat hy inneem as moontlike reaksie van die kinderleser op 'n bepaalde teks. Hierdie ondersoek kan dan gedoen word met inagneming van die sintaktiese, die semantiese en die pragmatiese aspekte, wat geïntegreerd beskryf word.

4.3 WERKLIKHEIDSVISIE IN DIE KINDERVERHAAL

Wanneer die werklikheidsvisie in die kinderverhaal ondersoek word, moet daar dus deur die hele representasieproses gewerk word om by die tema en die visie uit te kom. Wat die werklikheidsbeskouing van die leser betref, is Tucker (1976:26) van mening dat die jonger kind gewoonlik die lewe sien asof daar oplossings vir alle probleme bestaan, dat lewenservaringe altyd uitloop op iets positief en betekenisvol, dat daar nie los drade in die lewe is nie en dat die goeie altyd oor die bose seëvier. Hy vervolg dat die kinderleser kan identifiseer met die hoofkarakter

en met die hoofgebeure, sodat die leeshandeling 'n wyse word waardeur die kind homself en sy omringende werklikheid kan ondersoek en ontdek - sy gevoelens, sy dilemmas en sommige van die situasies waarmee hy reeds of moontlik in die toekoms gekonfronteer kan word. Fisher (1964:97), Ghesquiere (1986:107-119), Jan (1973:11), Jolles (1965:240) en Larrick (1966:98) beskou die waarde van kinderliteratuur onder andere as die begrip wat dit by die kinderleser tuisbring dat as hy ander en hulle plek in die gemeenskap beter leer verstaan, hy ook tot groter begrip van homself as individu en sy eie plek en doel in, en sy bydrae tot die ideale van die gemeenskap kan ontwikkel. Sulke menings oor die waarde van literatuur vir die kind of die invloed wat literatuur op die kind het kan gewoonlik teruggevoer word tot 'n veralgemening van die werklikheidsvisie in die kollektiewe korpus kinderliteratuur wat daar wêreldwyd bestaan.

Steenberg (1987:15) toon aan dat jonger kinders 'n behoefte het aan fantasie "omdat 'n kind op 'n jong leeftyd soveel lewenswaarhede en dieper insigte moet baasraak wat hy deur die werklikheid skaars kan bykom". Sy meen voorts dat dit in kinderfantasie gaan om die indirekte vestiging van morele waardes by die kind, veral ten opsigte van die siening van die goeie wat oor die bose seëvier, deurdat die fantasieverhaal op 'n dieper vlak met lewenswaarhede werk wat aan die kind oorgedra word sonder dat hy eksplisiet daarvan bewus is, of sonder dat die fantasieverhaal as aanhaakplek vir 'n preek gebruik word (Steenberg, 1987:15,47,60). Die kwessie van identifikasie beskou Steenberg (1987:15) as "die wenslikheid om positiewe optrede te ondersteun omdat dit 'n sinvolle lewe moontlik maak". Maar die werklikheidsvisie binne die teks is vir Steenberg (1987:15) nog méér as die insig van die kinderleser in die bydrae wat hy tot die gemeenskap kan lewer (vgl. vorige paragraaf): "ook eerbied vir al die die fasette van die natuur, en respek vir ander mense - indirekte religieuse kwessies" wat aan die basis lê van die werklikheidsbeskouing van die lesers en die werklikheidsvisie wat deur die tekstekens en kodesisteme in die teks gegenereer word is kardinale kwessies in kinderliteratuur.

4.4 DIE REPRESENTASIE VAN DIE WERKLIKHEIDSVISIE IN *SOEK-SOEK OP SOEK*

Om die werklikheidsvisie in 'n realistiese kinderverhaal te ondersoek, is waarskynlik 'n onderneming waarin die ondersoeker beloon kan word met 'n abstrahering van die tema wat waarskynlik algemeen geldende waarde kan hê en moontlik ook gekoppel sal kan word aan 'n visie waaruit die gerigtheid op God of 'n afgod of 'n universeel aanvaarde etiese kode sal blyk. Maar hoe kom 'n mens daarby uit dat uiteindelik gesê kan word dat daar 'n Christelike werklikheidsvisie in *Soek-soek op soek* - 'n fantasieverhaal oor 'n kaboutergemeenskap wat in stryd met hulle aartsvyande, die muise, verkeer oor bruin pille wat die Mensman in sy huis neergesit het - is? Behalwe dat daar nie kabouters bestaan nie, kan daar sekerlik nog minder Christelike kabouters bestaan?

4.4.1 Representasiestrategieë

Die aantoon van potensieële representasiestrategieë behels die beskryf van die tekstekens in die paradigmas (ook die paradigmas as sodanig kan as tekstekens beskou word) *vertelinstansie* (in hierdie geval ekstradiëgeties) en *fokalisasie* (hoofsaaklik ekstern); *karakterisering* van die kaboutergemeenskap, die Groot Kabouter, die Mensman en die muise; *tyd* van ongeveer 'n duisend jaar teenoor die enkele dae vertelde tyd; *ruimtebeelding* van die kabouters se huis in die akkerboom se dik stam, die Mensman se huis en die Bruin Bos; die *gebeure* wat in enkele verhaallyne uiteenval - Soek-soek se naaldekrisis, sy wens dat 'n babakabouter gebore moet word en die kabouters se vyandskap met die muise; 'n *styl* waaruit die implisiete kinderleser besonder duidelik blyk; *eenheid en integrasie* van hierdie fantasiewêreld; die *aard en funksie van hierdie fantasieverhaal* soos wat dit vergelyk met ander fantasieverhale in dieselfde kategorie.

4.4.1.1 Vertelinstansie en fokalisasie

Die implisiete outeur, wat beskou kan word as die abstrakte, organiserende instansie in die verhaal wat verantwoordelik is vir die standpunt wat die verhaal uiteindelik uitdra en dus ook vir die visie wat uiteindelik uit die verhaal blyk, maak in *Soek-soek op soek* byna deurgaans van 'n ekstradiëgetiese vertelling gebruik. Die

verhaal gaan primêr oor Soek-soek, die hoofkarakter, se belewing van sowel die hoofgebeure as die randgebeure. 'n Metadiëgetiese vertelling kom voor wanneer 'n volledig afgeronde verhaal (al is dit baie kort) binne die groter verhaal vertel word wanneer Soek-soek hardop wonder of daar in die bos ook goeie muise was, en wat dan ingelei word met die woorde: "Knopsius kruis sy bene. Nou weet die ander dat hy 'n storie gaan vertel, en hulle skuif reg." (p. 9).¹ En hy begin die verhaal vertel van die Slag van die Bruin Bos: "Lank gelede *toe ons nog in die bos gewoon het ...*" (p. 9).

Die fokalisasie geskied hoofsaaklik uit die oogpunt van Soek-soek en is dus byna deurgaans intern, omdat dit uit Soek-soek se belewenishoek is dat die waarneming van die gebeure in die verhaalwerklikheid plaasvind. Veral Soek-soek se instelling teenoor sy probleem wat betref sy gebrek aan naalde word vanuit sy fokalisasiehoek belig:

Die somer is amper verby, al die kabouters moet warm baadjies en broeke kry vir die winter, en nou het die laaste naald gebreek. Wat kan hy maak? (p. 2.)

Verder word daar ook vanuit Soek-soek se fokalisasiehoek waargeneem wanneer die persepsie gaan oor konkreet waarneembare tekens uit die tydruimtelike gegewe, soos wanneer Soek-soek deur die wind na die Groot Kabouter in die Bruin Bos gedra word en hy dit soos 'n kind ervaar:

Later sien hy die bos nader kom. Daar is hoë, dun populierbome wat nou aan die einde van die somer begin geel word, en daar is korter, dikker dennebome wat nog diepgroen is. Die wind waai hom teen 'n denneboom vas en hy gryp aan 'n tak. Toe klim hy ondertoe en sien dennenaalde dik soos 'n mat onder die boom lê, en hy hoor water borrel, soos die Mensman van sewentig se klaviermusiek die laaste keer. (p. 32.)

'n Ander duidelike voorbeeld van die interne fokalisasie, dit wil sê fokalisasie uit die karakter binne die verhaal se oogpunt, is wanneer *Soek-soek op soek* is na die

Groot Kabouter en sy ervaring van sy onmiddellike omgewing en sy houding daarteenoor, sy standpunt van eie twyfel van binne-uit belig: "Maar hy loop totdat hy baie dofweg kan sien dat hy in 'n kleiner grotkamer is, 'n bietjie ligter as die eerste een. Dis snaaks. Behoort dit nie donkerder te wees nie?" (p. 39.)

Inligting ten opsigte van ander karakters word ook byna deurgaans vanuit Soek-soek se fokalisasiehoek aangebied, met ander woorde hy neem uiterlike tekens waar wat byvoorbeeld kan dui op hulle aktiwiteite, soos in Surfus se geval: "Sy neus is rooi van die werk, en hy het sy houtskoene uitgeskop om vinniger te kan loop." (p. 3.) Wanneer Gouekappie, die kanarie in die Mensman se huis benoud skree en sy vlerke klap, sien Soek-soek die rede daarvoor: "En toe sien Soek-soek die rede. Ger, die nare, aaklige muis, het bo-op die yskas geklim en hy probeer om tussen die sporte deur te kom." (p. 4-5.) Dit is nie bekend wát Mya, die enigste muis wat die kabouters goedgesind is, dink nie; dát sy dink is bekend uit Soek-soek se waarneming van haar: "Julle het my gehelp toe Ger my wou hap, nou is dit my kans om weer vir julle iets te doen.' Mya dink diep, want haar oortjies word al pienker." (p. 62.) Emosies van ander karakters word dus nie soseer beskryf nie as dat die uiterlike tekens daarvan deur Soek-soek waargeneem en geïnterpreteer word.

Ook die instelling en houding jeens die muise is vanuit sy waarnemingshoek belig; die woorde waarmee Ger, die leier van die muise, beskryf word, is soos Soek-soek sy vyand waarneem en beleef: "'Gaan weg,' snerp die nare Ger. 'Ek sal julle algar doodbyt!'" (p. 6.) Die kombinasie van "snerp" en "nare" funksioneer hier dus as tekens of bewyse om Soek-soek se negatiewe instelling teenoor die leier van hulle vyande oor te dra. Dit gaan egter nie slegs om uiterlike, visueel waarneembare tekens nie; die interne fokalisasie vanuit Soek-soek se belewing gaan ook om die psigologiese faset van fokalisasie - in hierdie geval Soek-soek se herinnering aan Jommesjor wat deur Ger doodgebyt is:

Jommesjor het vir hom wat Soek-soek is, grootgemaak - en toe byt die naaste, aakligste van alle dorpsmuise, Ger, hom. En omdat hy al oud was, het hy van die groot wond doodgegaan. Hy was 'n sachte, vriendelike kabouter, en hy was

sewehonderd-en-nege jaar oud. As die nare, aaklige Ger hom nie gebly het nie, kon hy nog baie jare gelewe het. (p. 1.)

Die verskillende persepsies en uitsprake ten opsigte van Jonnesjor en Ger is betreklik eksplisiet en subjektief en kan wat die fokalisasie betref gesien word as teenstellende of opposisionele tekstekens wat deel is van die groter normatiewe sisteem. Dit behels dat Soek-soek as synde die gesaghebbende fokalisator in die teks die verhaalwerklikheid só fokaliseer dat die goeie met die kabouters en die bose met Ger en die muise geassosieer word.

Die fokalisasie is egter nie konsekwent intern nie. Soms word wel meer afstandelike eksterne fokalisasie gebruik. Dit gebeur onder andere wanneer daar na Soek-soek verwys word en dit duidelik is dat Soek-soek nie aan homself sal dink as "die kabouter" nie: "Die kabouter Soek-soek werk nog so aan die baadjie, toe breek die naald." (p. 1); "Daar loop nou ook 'n traan oor die kabouter se ander wang." (p. 2); "Die kabouter skrik groot." (p. 21); "'A, dis mooi hier,' dink die kabouter." (p. 32.) Hierdie wisseling in fokalisasie kan egter nie beskou word as 'n doelbewuste procédé om veelvuldige perspektiwiese oriëntasiepunte in die verhaal te skep nie, omdat daar tóg 'n duidelike poging is om die hele verhaalwerklikheid vanuit Soek-soek se belewing aan te bied - byna alles waarvan in die verhaalwerklikheid vertel word, is soos waargeneem en beleef deur Soek-soek self.

Afleidings ten opsigte van die uiterlike en innerlike gegewe kan dus gemaak word op grond van Soek-soek se waarneming van tekens in sy omringende verhaalwerklikheid. Om hierdie rede het die benutting van interne fokalisasie dus ook 'n verband met die visie van die verhaal.

4.4.1.2 Karakterisering

Al is die karakters in 'n verhaal verbeelde, nie-menslike of fantasiewesens wat nie in die reële werklikheid kan bestaan nie, is dit wel so dat die mens, sy aard en verhoudinge, sy konfrontasie met 'n gebroke werklikheid altyd indirek die objek is van 'n verhaal (vgl. 2.4.6.1.2). Steenberg (1987:13,14,20,59) is van mening dat dit in die laaste instansie altyd om die mens self gaan en dat enige fantasiekarakter skakels met die reële werklikheid moet hê en so menslike optrede moet verhelder, al is dit

ook op verholde wyse. So kan verhoudings byvoorbeeld enkellynig wees en met humor verhelder word; aan die ander kant kan selfs die onderwerp van die dood 'n konstruktiewe rol speel (Steenberg, 1987:15). Verder word karakters in 'n fantasieverhaal gewoonlik nie vol of genuanseerd gebeeld nie, "omdat dit nie eerstens om hulle gaan nie. Sowel karakters as gebeure illustreer 'n dieper waarheid of lewensinsig." (Steenberg, 1987:20.) Steenberg (1987:21) toon verder aan dat 'n volledig fantasiematige karakter "kan lyk soos hy wil en op enige wyse optree" maar dat hy tog gebonde is aan inherente wetmatighede van die fantasieverhaal, en dat hy konsekwent moet optree en oortuigend wees in wat hy doen; afgesien van sy uiterlike, sal daar assosiasies tussen die fantasiekarakter en die mens wees, juis omdat die fantasieverhaal, soos enige ander verhaal "wesenslik die mens self as fokuspunt het". Wanneer daar ontwikkeling by fantasiekarakters is, is dit gewoonlik nie veel nie, alhoewel daar ook uitsonderings kan wees; meestal is daar tog verheldering en verdieping van insig (Steenberg, 1987:22). 'n Belangrike opmerking vir die terrein van hierdie studie is Steenberg (1987:22) se siening van die funksie van teenstellende karakters: "Omdat goed en kwaad dikwels so 'n prominente rol speel in 'n fantasieverhaal, word dié twee elemente gewoonlik baie duidelik in onderskeie karakters vergestalt. Daardeur verskil hulle juis baie sterk van realistiese personasies wat fasette van albei besit." In *Soek-soek op soek* is die karakters met wie die goeie geassosieer word Soek-soek, die kaboutergemeenskap, die Mensman, Mya en die Groot Kabouter, en die negatiewe waardes met die muise onder die leiding van Ger.

* Soek-soek

Met 'n naam soos Soek-soek kan iemand net nie gewoon wees nie, dit wil sê as kabouters as fantasiewesens hoegenaamd as "gewoon" beskou kan word. Sy naam het hy gekry van Jommesjor, wat hom grootgemaak het. Op 'n vraag van Soek-soek aan Fielfoer waarom dié nie lankal gedink het aan die self teen muisbyte wat hy besig is om te maak nie, sug Fielfoer: "Jy vra altyd hoekom ... Jy wil alles weet. Dis natuurlik daarom dat Jommesjor jou Soek-soek genoem het: jy soek alewig antwoorde." (p. 3.) Hy is ook self bewus hiervan: "Hoekom het hy so baie hoekoms wat hom altyd pla?" (p. 40.) Sy naam is dus 'n manifestasie van sy eie aard, sy identiteit, selfs sy selfbeeld. Omdat daar 'n ooreenkoms is tussen sy naam en sy aard, kan Soek-soek se naam beskou word as 'n teken van die ikonisiteit

tussen sy naam en sy wesenseienskappe (vgl. 2.4.5.3.). Dit waarna Soek-soek soek, is oplossings vir drie probleme: nuwe naalde sodat hy vir die kabouters winterklere kan maak, die absolute regte kombinasie van 'n sekelmaan wat op 'n oranje blom skyn terwyl 'n ster verskiet sodat daar op sy wens 'n babakabouter gebore kan word, en dan die grootste vraagstuk - of die kabouters van die bruin pille mag eet wat die Mensman vir die muise neergesit het. Al hierdie probleme raak fundamentele bestaanskewissies van die kabouter- gemeenskap en word direk aan Soek-soek se naam gekoppel.

Soek-soek is 'n kabouter van amper honderd jaar (p. 2), maar in die tydskonteks van hierdie fantasieverhaal eintlik nog jonk (p. 58,67). Tekens van sy voorkoms word gevind in byvoorbeeld die beskrywing van sy reaksie toe die heel laaste naald breek: "Doodstil sit hy na die stukkende naald en kyk, en sy ronde neus bewe, en sy blomre vou amper heeltemal toe van die skrik. Hy gebruik mensgaring om mee te werk, en menslap wat hy in die menswinkel van die groot rolle gaan afsny met sy kabouterskêr - maar naalde? Mense s'n is amper so lank soos hy self!" (p. 1.) Ook wanneer hy slaap, vou hy sy blomre toe (p. 33). Hy het knopperige hande, wat nie soseer verband hou met harde werk of ouderdom nie, maar met die tipiese voorkoms van kabouters. Ook op grond daarvan dat sy mus vir hom so belangrik is, word hy as tipiese kabouter gekenmerk. Wanneer hy deur die reënstorm in die Bruin Bos oorval word, tuimel hy uit 'n boom in 'n waterstroom en sy klere is sopnat, "maar dit is nie die ergste nie: sy mus is weg! Hy het dit êrens in die water verloor!" (p. 36). Terug by die boomhuis, is die ander gretig dat hy moet vertel van sy ervaringe, maar dat hy éérs vir hom 'n nuwe mus wil maak, is 'n teken van die belangrikheid van sy mus as deel van sy selfbeeld as kabouter.

'n Belangrike aspek in die karakterbeelding van Soek-soek is dat sy verantwoordelikheid is om te sorg vir klere vir die hele kaboutergemeenskap van sewe lede. Prominensie word gegee aan die problematiese aard van bestaan as sodanig deur die voorplasing van die naaldekrisis heel aan die begin van die verhaal. 'n Belangrike aspek in die karakterbeelding van Soek-soek is dat prominensie verleen word aan die problematiese aard van bestaan as sodanig deur die voorplasing van die naaldekrisis - sy laaste naald het gebreek - heel aan die begin van die verhaal. Ten spyte van sy probleem moet hy steeds sy

verantwoordelikheid nakom en sy spesifieke rol in die kaboutergemeenskap vervul: "Die somer is amper verby, al die kabouters moet warm baadjies en broeke kry vir die winter, en nou het die laaste naald gebreek. Wat kan hy doen?" (p. 2.) Wanneer al die ander hulle besig hou met hulle werk, is dit net Soek-soek wat nie kan werk nie. En dit hinder hom, want daar "lê die broeke en baadjies wat hy vir die winter moet maak, en hy het nie 'n naald nie" (p. 28). Deur die hoë frekwensie van die herhaling van sy probleem word die belangrikheid daarvan beklemtoon, soos weer eens op p. 29: "... die winter kom, en kabouters sonder warm klere kan maklik doodgaan van die koue". Maar sy verantwoordelikeheidsgevoel strek verder as die voorsiening in fisiese behoeftes.

Wat aanvanklik bloot 'n kwessie was van winterkos versamel, word later 'n morele aangeleentheid en selfs 'n dreigende oorlog. Wat dit des te ingewikkelder maak, is dat die vyand oënskynlik deur Soek-soek se besluite bevoordeel word ten koste van die kabouters. Soek-soek se dade, dialoog en denke is alles tekens van sy verhoudinge met sy medekabouters en met hulle vyande, die muisie. Die eerste teken daarvan is wanneer die "nare" Ger 'n "baie klein ou muisie, met pienk oortjies en 'n bang wikkelseusie" (p. 7) jaag en dreig om haar dood te byt, en Soek-soek mompel dat sy mos maar net 'n muis is en dat dit tog nie saak maak as die leier haar gryp nie; sy medelye kry egter die oorhand: "Maar dit help nie: hy is jammer vir die muisie." (p. 8.) Wanneer die ander kabouters opgewonde besluit dat hulle die bruin pille wat die muisie in 'n kamer onder 'n deken gebêre het, gaan steel en as winterkos vir hulleself bêre, is dit Soek-soek wat twyfel en (getrou aan sy aard) vrae vra: "Het die Mensman net die pille gekoop sodat die muisie nie sy ander kos moet eet nie? Of is die pille dalk nie goed vir muisie nie, sal dit hulle maagpyn gee? Hoe kan ons seker wees dat die pille ons nie sal kwaad doen nie?" (p. 21.) Na 'n staking van stemme oor wat hulle met die bruin pille moet maak, is Soek-soek se antwoord - wat die beslissende stem kón wees - 'n bewys van sy twyfel, maar ook 'n bewys daarvan dat hy verder dink en deur die manipulasie van die implisiete outeur op 'n ander vlak of in 'n ander dimensie antwoorde soek as die ander: "'Ek weet nie,' sê hy en skud sy kop. 'Ek wens die Groot Kabouter was hier dat hy kon sê wat ons moet doen.'" (p. 30.)

Soek-soek se gewoonte om baie vrae te vra is 'n teken van sy nuuskierigheid, maar die wyse waarop hy praat lewer ook bewys van ander eienskappe van hom. Hy kan byvoorbeeld ook soms onseker wees (nuuskierigheid en onsekerheid kan nie sonder meer gelyk- gestel word nie). Wanneer die ander dan besluit dat Soek-soek die een is wat na die Groot Kabouter in die bos toe moet gaan om raad te vra oor die pille, is Soek-soek se reaksie aarselend: "Maar ... ek was nog nooit in die b-bos nie," hikkel Soek-soek." (p. 30.) Die wyse waarop hy praat en dit waaroor hy praat lewer algaande bewyse van sy aard en ontwikkeling. Ook die tussenvorm van dialoog, naamlik erlebte rede, lewer 'n bydrae tot sy karakterisering; sy denke word ook dikwels oorheers deur vrae, soos wanneer die ander kabouters wil hê Soek-soek moet besluit wat hulle met die bruin pille moet maak: "Dis 'n swaar ding om alleen te besluit. Moet hulle die pille los waar hulle is en sien hoe die muise eet terwyl hulle eie mae leeg is? Moet hulle die pille wegdra - dit sal harde werk kos - sodat die muise ook kan honger ly?" (p. 46.) Behalwe dat hy dikwels vrae vra om meer te weet, is sy dialoog ook tekenend van die volgende: sy onsekerheid; sy benoudheid en beangstheid oor die gevare in die bos en sy vertroue in die Groot Kabouter wanneer hy aan die tak hang en na die Groot Kabouter roep al het hy hom nog nooit ontmoet of gesien nie; sy diepe gevoel van dankbaarheid, verligting en vreugde oor die lig wat die gesprek met die Groot Kabouter op sy probleem en in sy gemoed gebring het; sy dankbare verwondering oor hoe mooi die bos is na sy gesprek met die Groot Kabouter; sy oortuigings en selfstandige besluitneming ten opsigte van die ingeboude moraliteit in die keuse wat die kabouters gelaat is ten opsigte van die bruin pille en die muise; sy individualiteit en moed om teen alle weerstand van die ander kabouters in tóg vir die muise te wil vertel dat die pille gif is; sy oortuiging dat dit nie nodig is om bos toe te gaan en vir die Groot Kabouter alles te gaan vertel nie: "Dis tog nie nodig nie. Die Groot Kabouter weet." (p. 67.)

Een van die belangrikste gesprekke in die verhaal is die ontmoeting tussen Soek-soek en die Groot Kabouter, 'n gesprek wat 'n baie belangrike funksie het in die verdere verloop van die gebeure en ook 'n belangrike bydrae lewer tot die denotasie (vgl. 2.4.5.2) van die visie van die verhaal en daarom noukeuriger aandag verdien. Dit waarna in hierdie gesprek verwys word, is die wyse waarop antwoorde op vrae gesoek en gevind kan word. As sodanig is die hele gesprek dus ook 'n teken in die groter representasiestrategie en representasiesisteen van die implisiete outeur.

Terwyl Soek-soek doodsbenoud vir die bosmuise vlug tot binne-in 'n grot, hoor hy "'n sagte stem wat klink soos die wind wat oor blomme streef, en soos al Tuitel se fluite wat tegelyk speel. Dis die mooiste stem wat Soek-soek nog ooit gehoor het" (p. 38). Verderaan word die stem van die Groot Kabouter beskryf as "die stem van fluite en wind" (p. 39), dat dit van "êrens agter die mis" (p. 39) kom, dat dit klink "soos 'n fluit wat sing" (p. 39), "soos water wat oor klippe dans" (p. 40) en "soos wind wat deur blare speel" (p. 40). Daar is dus 'n skerp kontras tussen sy ervaring van die gevare buite in die bos en sy beleving van die gerusstellende stem van die Groot Kabouter; dit gee hom die gevoel van sekerheid, geborgenheid - die rede waarom hy in die eerste instansie na die Groot Kabouter toe wou kom. Omdat die gebeure hier vanuit Soek-soek se oogpunt beskryf word, kan aangeneem word dat dit Soek-soek se noukeurige waar- nemingsvermoë is wat hom die stem van die Groot Kabouter op dié wyse laat ervaar. Die waardes wat deel is van die werklikheidsvisie van die verhaal kom dan aan die orde in die gesprek. Voordat Soek-soek homself kan bekend stel weet die Groot Kabouter al dat hy na hom kom soek het en ook dat Soek-soek 'n probleem het:

"Groot Kabouter? Is dit jy?"

"Dit is ek. Jy het my kom soek."

"Ek ... ek wou iets k-kom vra het," hikkel Soek-soek. "Ons het bruin pille gekry wat die muise weggesteek het om in die winter te eet, en ..."

"Ek weet. Jy mag drie vrae vra." (p. 39.)

Op Soek-soek se vrae antwoord die Groot Kabouter in verskillende grade van direktheid. Op die eerste vraag - "Mag ons die pille eet?" (p. 39) - kry Soek-soek 'n definitiewe, duidelike antwoord: "Julle mag nie." (p. 39.) Sy tweede vraag - "Waarom nie?" (p. 40) word minder definitief beantwoord: "Dis beter om dit nie te eet nie." (p. 40.) Eie verantwoordelike besluitneming word van Soek-soek gevra met sy derde vraag - "Wat moet ons met die pille maak?" (p. 40) - as die Groot Kabouter antwoord: "Daaroor moet jy self besluit." (p. 40.) Die resultaat van die gesprek is dus dat Soek-soek nie op alles klinkklare antwoorde gekry het nie. Uiteindelik word dit eerder 'n gedagtewisseling tussen Soek-soek en die Groot Kabouter as 'n werklik hoorbare gesprek; alhoewel daar nie meer konkrete

ouditiewe tekens is nie, is daar nogtans metafisiese tekens van hulle kommunikasie: "Al het hy nie gepraat nie, sê die stem: 'Later sal jy alles verstaan.'" (p. 40.) Die (vir Soek-soek) verrassende is dat hy ook 'n oplossing kry vir 'n probleem waaroor hy glad nie met die Groot Kabouter gepraat het nie, asof die Groot Kabouter geweet het wat hy nodig het en ook in daardie behoefte voorsien, want "net toe hy omdraai, lig die mis en Soek-soek sien iets by sy voete. Hy buk om dit op te tel en roep kliphard van blydschap: 'Dis naalde! Dis kabouternaalde wat aan 'n blaar vasgesteek is! O dankie tog Groot Kabouter!'" (p. 40.)

Uit voorafgaande voorbeelde van dialoog tussen Soek-soek en sy medekabouters, die vyand en die Groot Kabouter, is dit duidelik dat hy wel 'n individualis is, maar nie afsydig staan teenoor die res van die karakters nie; hy kan beskou word as 'n kommunikatiewe karakter. Alhoewel daar nie 'n eksplisiete uiteensetting van 'n bepaalde beskouing op die ander karakters in die verhaalwêreld is nie, word die waardes met betrekking tot die individu en sy plek en verantwoordelikhede in die wêreld deur middel van die dialoog gekommunikeer. Kommunikasie bestaan hier op verskillende vlakke - dié van die dialoog tussen die karakters met mekaar - en dan spesifiek Soek-soek se dialoog omdat daar konkrete tekstekens is wat daarop dui dat gepoog is om die fokalisasie konsekwent deur die hoofkarakter se belewing te laat geskied, en dié van die implisiete outeur met die implisiete leser oor 'n faset van die werklikheidsvisie. Dit gaan oor verskillende stadia van gevorderdheid in die denotasie van die tekstekens, dit wil sê oor verskillende stadia in die representasieproses (vgl. 2.4.6.2).

Hy is egter nie net 'n prater nie; hy kan ook dinge laat gebeur en gebeurte inisieer. Wanneer hy byvoorbeeld alleen in die bos is, koud en nat en bedreig deur die bosmuise, tree hy daadwerklik op: "Hy sien nou dat dit nie sal help om te wag tot iemand hom kom red nie, hy sal self 'n plan moet maak." (p. 36.) Die wyse waarop Soek-soek optree impliseer dat hy ook weet wanneer om juis nie op te tree of deel te hê aan gebeurte nie. Sy weiering om van die pille te eet het 'n positiewe invloed op Mya al verbied of dwing hy haar nie uitdruklik om van die pille te eet nie: "Soek-soek voel jammer vir die muis, maar wat kon hy anders doen? Hoe kan hy pille eet as die Groot Kabouter gesê het: 'Julle mag nie?'" (p. 50.) Hier word sy optrede direk in verband gebring met dié faset van werklikheidsvisie wat die morele

kode van 'n karakter se optrede bepaal - gehoorsaamheid en selfdissipline. Maar Soek-soek weet ook (al is hy nie altyd seker van die regte besluite nie) dat hy in sekere situasies wél moet optree. Toe Soek-soek vir Mya vra om aan die ander muise te sê dat hulle daardie aand in die kombuis moet vergader omdat hy vir hulle iets wil vertel wat baie belangrik is (dat die pille gif is), word hy summier deur die ander kabouters gekeer. Soek-soek se rede waarom hy móét gaan, stel hy baie duidelik: "As 'n kabouter iets belowe het, moet hy dit doen!" (p. 58); dit is iets wat Jommiesjor hom herhaaldelik geleer het toe hy nog klein was (p. 59). Dit is sy gewete en sy gevoel vir moraliteit - selfs teenoor die vyand - wat die innerlike dryfveer is vir sy uiterlike handeling wanneer hy tóg uitsluit om die muise te gaan waarsku dat hulle nie die pille moet eet nie. Soek-soek het geen verpligting om die muise te waarsku nie - hulle is trouens sy vyande - tog tree hy op volgens die riglyne wat die Groot Kabouter vir hom in die bos gegee het. Hierin toon sy gedagtes en sy optrede weer eens 'n vervlegtingstruktuur, want wanneer hy op 'n keer in die veld loop, dink hy aan Mya en die ander muise:

Hoe meer hy dink, hoe slegter voel hy. Dis darem gemeen om te weet die pille is giftig en dan niks te sê nie. Al is hulle muise, is dit gemeen. Oorlog is nog anders: die muise weet hulle moet veg, en die kabouters weet hulle moet veg. Maar pille wat soos kos lyk, en dan is dit gif! (p. 57.)

Wanneer hy dan wel gaan om die muise van die gif te vertel, is dit 'n bewys van sy verhouding met sy medekarakters - beelding wat die karakteriseringstegniek betref en 'n konkretisering van 'n faset van die werklikheidsvisie, naamlik dat die aard van Soek-soek se verhouding tot die Groot Kabouter ook sy houding teenoor en sy verhouding met sy medekarakters in 'n driehoekverhouding bepaal.

Verder is dit 'n teken dat hy leierseienskappe openbaar wanneer hy die wilskrag, die dryfkrag en die deursettingsvermoë het om ter wille van dit waarin hy glo, die gramskap van die ander kabouters en die gevaar dat die muise hom sal aanval as hulle hom nie glo nie, te trotseer - situasies waarin hy allermens selfgesentreerd is. Die gedagte aan oorlog, wat sommige van die ander opgewonde maak, stem Soek-soek "stil en treurig" (p. 47); hy is ook die enigste kabouter wat nie sing en dans toe Ger dood is van die gifpille wat hy skelm geëet het nie, wat daarop dui dat hy nie in

wese 'n gewelddadige vegter is nie, maar eerder iemand is wat die probleme met die muise op 'n alternatiewe wyse wil oplos. Selfs wanneer hy, nadat hy vroeër verseker is dat hulle op sy leiding in hierdie saak wag, daarvan beskuldig word dat hy 'n "muisboetie" (p. 58) is, loop hy die pad van die selfstandig-denkende individualis. Hy toon dat hy oor goeie onderskeidingsvermoë beskik wanneer hy besluit om die muise te vertel van die pille en daarmee dan 'n reeks positiewe gebeure inisieer, want uiteindelik is die basiese grondmotief (sy gewete) vir sy besluit vir almal tot voordeel: vir die muise (hulle is immers nie almal dood as gevolg van hulle vergissing met die bruin pille nie) asook vir die kabouters, omdat die muise as gevolg van Soek-soek se optrede besluit om nooit weer teen die kabouters oorlog te maak nie en om weg te trek: "Na nog 'n ruk sê Pief: 'Oor dié vriendelike ding wat jy gedoen het, kabouter, kan ons nou nooit weer teen julle oorlog maak nie. Vannag nog sal ons na die ander kant van die bos trek, want dis beter dat ons julle nie weer sien nie.'" (p. 66.) Soek-soek is egter, al het hy as karakter ontwikkeling ondergaan, in die hiërargie van dié kabouter- gemeenskap nog te jonk om formeel as die leier gereken te word; die mantel van leierskap val nie-amptelik nog steeds op Knopsius, die oudste van die kabouters, en ook op die Groot Kabouter, wie se raad altyd vir hulle deurslaggewend is.

Om die karakter van Soek-soek dan in die direk beskrywende woorde van Boebelbluk saam te vat: "Hy is 'n goeie kabouter" (p. 65) en die belangrikste draer van die positiewe waardes van die visie van die verhaal.

* Die res van die kaboutergemeenskap

'n Besondere eienskap van hierdie kaboutergemeenskap is dat elkeen 'n spesifieke rol het om te vervul, 'n spesifieke taak het waarvoor hy verantwoordelik is. In dié samelewing, wat maar uit sewe lede bestaan, verteenwoordig elk van hierdie kabouters 'n bepaalde faset van die samelewingstruktuur, en nie gesamentlik die verskillende fasette van een karakter nie.

So is daar Knopsius, wat beskryf word as "'n baie ou kabouter met 'n kop wat kaal is onder sy mus" (p. 6), wat vrolike blou oë en 'n jong stem het. Sy rol is om die kultuurerfenis van die gemeenskap lewend te hou in die bewussyn van die ander deur sy verskillende vertellings oor die geskiedenis van die kabouters, waarna die

ander ook graag luister. Hy vertel byvoorbeeld van die oorlog tussen die kabouters en die muise in die bos, dat die kabouters nie veel met hulle spiese kon vermag teen die "groot, kwaai diere nie" (p. 9) en dat sewe van hulle daarin geslaag het om te vlug (Jommiesjor het toe nog gelewe en Soek-soek is nog nie gebore nie). Hy lees ook vir hulle van tyd tot tyd "al die ou verhale wat die Groot Kabouter nog neergeskryf het" (p. 28) uit een van die ou boeke wat hulle uit die Bruin Bos saamgebring het. Van die groot held Marwikkell "wat honderde jare gelede teen 'n magtige leer rooimiere geveg en gewen het" (p. 47). Van Jarfoeng, wat die muise met wippe wou vang, maar nie ondersteuning van die ander kabouters gehad het nie. Hy vertel hulle ook van die Groot Kabouter wat in die bos agtergebly het. Met sy meerdere wysheid en groter lewensperspektief wat met die ouderdom kom, maan hy die ander tot geduld wanneer hulle graag iets wil hê, soos vir Soek-soek met sy naaldeprobleem: "Miskien moet jy ook maar geduldig wag, soos die Groot Kabouter vir my gesê het om te doen." (p. 17.) Met Soek-soek se vertrek na die Groot Kabouter in die Bruin Bos, gee Knopsius nie vir hom iets tasbaars saam nie, maar wel dié spreuk: "'n Kabouter wat weet dat hy nie weet nie, is wys." (p. 30.) Wanneer Soek-soek aktief wil optree en die muise wil gaan waarsku dat hulle nie die pille moet eet nie, is Knopsius nie so fel in sy veroordeling van Soek-soek nie, maar keur ook nie sy voorneme goed nie: "Knopsius kom staan voor Soek-soek. Sy blou oë lyk 'n bietjie kwaad en 'n bietjie treurig. 'Jy mag nie vir die muise gaan vertel nie,' sê hy. 'Vanaand bly jy net hier in die huis ... Ons gaan nie toelaat dat jy so 'n dom ding aanvang soos om vir die muise te gaan vertel van die gif nie.'" (p. 58.) Maar wanneer Knopsius, wat vir Soek-soek moet oppas terwyl die ander slaap, se waaksaamheid verslap, glip Soek-soek weg na die muisvergadering om te doen wat hy oortuig is die regte ding is. Hy kom moontlik anti-outeitêr in sy optrede voor, maar uiteindelik blyk dit dat alhoewel Soek-soek die jongste was van die kabouters, en selfs die oudste kabouter se bevele veront-agsaam het, sy oordeel tog die beste was. In sekere opsigte funksioneer die karakters van Soek-soek en Knopsius dus as teenstellende tekstekens, alhoewel hulle nie in wese in opposisie teenoor mekaar staan nie. As sodanig dra hierdie karakter-verhoudinge as tekensisteem met 'n vervlegtingstruktuur by tot die tema en die visie van die verhaal.

Snurfus se verantwoordelikheid is om in die koskamer te werk. Hy "is baie goed met kos: hy verdeel dit en bêre wat te veel is. Party stukkies kos maal hy fyn, ander hang hy op om te droog. Elke oggend en aand sorg hy dat hulle kos het om te eet" (p. 2). Kaas en broodkrummels uit die Mensman se huis, heuning wat hy in 'n wilgerboom ontdek, selfs 'n stuk brood uit die vullisdrom, gedroogde pampoenpitte is deel van die verskeidenheid wat Snurfus vir hulle voorsit. Hy maak ook voorsiening vir mocilikke tye; wanneer die ander 'n hele groot stuk brood op een slag wil verorber skud Snurfus sy kop: "Nee, die stuk wat oor is, wil ek uitdroog en bêre vir later ... Julle weet dat die Mensman van Sewentig altyd in die winter gaan vakansie hou, en dan is hier niks kos in sy huis nie." (p. 23.) Wanneer Soek-soek na die Groot Kabouter in die bos vertrek, is dit ook Snurfus wat vir sy padkos sorg - gedroogde pampoenpitte in 'n blikkie, maar wanneer hy later die muise wil vertel dat die pille gif is, het Snurfus ook 'n ondersteunende funksie as een van die karakters wat teen Soek-soek se voorneme gekant is: "Vannaand kry jy niks om te eet nie ... As jy so lief is vir die muise dat jy nie wil hê hulle moet gif eet nie, hou ons nie meer van jou nie." (p. 58.)

Druiwesap, stukkies roosblare, vars dou en swart modder is van die bestanddele wat Fielfoer gebruik in die medisynes, veral salf, wat hy maak. Soek-soek gaan vra raad by hom nadat sy laaste naald gebreek het, maar Fielfoer antwoord dat hy net kan salf maak; sy nuutste is 'n soort wat baie goed sal wees vir muisbyte. Wanneer Soek-soek na die Groot Kabouter vertrek, gee Fielfoer vir hom salf saam: "Miskien sal jy dit nodig kry. Daar is seker nog baie nare bosmuise." (p. 30.) Die saamgee van die salf na die bos is 'n teken dat daar altyd voorsorg getref moet word teen 'n konfrontasie met die bese wat altyd en oral teenwoordig is en wat hier gekonkretiseer is in die karakterisering van die muise. Ook op sy wyse maak Fielfoer 'n bydrae tot die visie in die verhaal, omdat sy funksionaliteit gemotiveer word deur die boosheid van en die vyandskap met die muise wat telkens opgehaal word. Ook gee sy opmerking dat elke ding sy tyd het, ook 'n tyd het om uitgevind te word, 'n perspektief op 'n besondere aspek van die werklikheidsvisie.

Die estetiese aspek van die kabouterkultuur word beliggaam deur Tuitel, die fluitspeler met 'n fluit en 'n melodie vir elke luim. Hy het onder andere 'n kromsteelfluit, 'n dunsteelfluit, 'n basfluit en 'n tweesteelfluit. Hierop speel hy

byvoorbeeld toe hulle uitvind waar die muise die bruin pille (wat hulle nog op daardie stadium beskou het as winterkos) bêre: "Tuitel vat sy tweesteelfluit en begin 'n vinnige wysie speel. Die tweeling dans met hulle dun bene: hoogspring, bokspring, syspring en blyspring." (p. 19.) Later egter, wanneer sommige van die kabouters die pille wil wegdra vir hulleself, lig Tuitel sy fluit "en speel 'n lied met swaar klanke. Dis nie vir Soek-soek mooi nie: hy hoor sommer dis 'n lied wat by oorlog pas ... Hulle begin dans, maar dis 'n wilde dans met lelike spronge en groot krete - 'n oorlogsdans." (p. 45.) Toe die kabouters ontdek dat Ger stokstyf op sy rug in die rietbos lê, is hulle so bly dat hulle sommer begin dans terwyl Tuitel fluit speel: " ... hoogskoop, verskoop, opskop en blyskop. Tuitel gaan haal sy tweesteelfluit en speel die vrolikste liedjie wat hy ken." (p. 54.) Later speel hy op sy fluit terwyl die ander agter hom aan dans tot by hulle akkerboomhuis. Soms speel hy ook op sy fluit voordat die kabouters gaan slaap. Die wyse waarop Tuitel 'n bydrae lewer tot die konkretisering van die tema en die visie van die verhaal is deurdat sy optrede in kontras staan met dié van Soek-soek wat nie juig oor Ger se dood nie, al is hy die leier van die muise, terwyl Tuitel die begeleiding verskaf vir die ander se vreugdedanse en -liedere. Uiteindelik, wanneer daar vrede is tussen die kabouters en die muise, "probeer (hy) sommer op al sy fluïte gelyk speel" (p. 67) - 'n teken van sy groot vreugde oor die harmonieuse afloop van die gebeure.

Behalwe dat die tweeling, Boebus en Boebelbluk, mekaar se menings altyd beaam met 'n herhaling van ongeveer dieselfde woorde, is hulle ook handvaardig. Hulle het byvoorbeeld die tafel gemaak waarop Soek-soek klere maak, hulle het die pot gemaak waarin Fielfoer salf maak, hulle maak vir Soek-soek nuwe skoene na sy terugkeer van die Groot Kabouter af. Hulle word beskryf as "taai en maer omdat hulle altyd spring en dans en muise terg, of goeters soos stoele en bakkies maak" (p. 6). Hulle mees opvallende eienskap is dat Boebus altyd eerste praat met Boebelbluk wat sy woorde of herhaal of ietwat wysig, of 'n aanvulling maak. Hiervan is daar veelvuldige voorbeelde (p. 6, 8, 13, 18, 23, 25, 28, 30, 44, 47, 52, 54, 58, 65, 67, 68). Boebus sal byvoorbeeld vra: "'Waar's die Mensman met sy baard?'" en Boebelbluk sal antwoord: "'Waar's die Mensman van sewentig?'" (p. 6.) Wanneer Fielfoer vir Kopsius vra om vir hulle verhare van die ou, ou dae te vertel, sê Boebus: "'Van oorlog!'" en Boebelbluk: "'Van gevegte!'" (p. 47.) Hulle is so na aan mekaar dat hulle soms presies dieselfde reageer; toe hulle saam met Soek-soek

stap om hom 'n stootjie te gee sodat hy saam met die wind na die Bruin Bos toe kan sweef, skree hulle gelyk: "'Die wind!'" (p. 32.) Daar is egter een keer dat hierdie patroon verbreek word, en dit is hulle verskil in mening met betrekking tot die eet van die bruin pille - wat ook 'n implikasie het vir die visie van die verhaal: "'Ons sal maagpyn kry!' sê Boebus. 'Ons sal lekker vol word!' sê Boebelbluk. Dis die eerste keer dat die tweeling nie saamstem nie." (p. 29.) Hulle verskillende menings funksioneer hier as opposisionele tekstekens, sodat die genuanseerdheid van verskil van mening binne eie groepsverband hiermee geïllustreer word. Ook hulle is teen Soek-soek se besluit gekant; dis hulle wat vir die ander kabouters gaan vertel van Soek-soek se versoek aan Mya om die muise almal bymekaar te kry vir 'n vergadering. Maar uiteindelik is dit ook juis hulle wat Soek-soek se lewe red deur tussenbeide te tree op die oomblik toe Pief (die nuwe leier van die muise) sy bek groot oopmaak en na Soek-soek se nek mik: "'Nee wag!' roep 'n stem. 'Moenie!' soebat nog 'n stem." (p. 65.) Hulle funksie is verder dat hulle deur hulle dialoog in hierdie krisissituasie ook meer inligting oor die hoofkarakter as draer van die positiewe waardes in die verhaalvisie bekend maak: "'Ons het hom probeer keer, maar hy wou vertel,' sug Boebus. 'Hy is 'n goeie kabouter,' knik Boebelbluk." (p. 65.) In dié opsig is hulle dus veel meer as 'n vermaaklike kaboutertweeling; waardes wat deel is van die werklikheidsvisie van die verhaal kom indirek deur hulle optrede en dialoog tot uitdrukking.

'n Belangrike karakter is Jommesjor, al is hy reeds dood wanneer die verhaal begin; hy word slegs by wyse van terugskouinge betrek. Sy funksie is onder andere om Soek-soek se herkoms, en daarmee ook (omdat dit die eerste verduideliking van die herkoms van kabouters in die verhaal is) die herkoms van die ander kabouters te staaf:

Baiekeer in die amper honderd jaar van Soek-soek se lewe het Jommesjor hom daarvan vertel: hoe hy naby 'n oranje blom gestaan het net tot die sekelmaan se lig daarop val en net toe 'n ster verskiet. Toe het Jommesjor gou gewens soos 'n kabouter móét wens, en die blom het in 'n kaboutertjie verander. Die kaboutertjie was hy, Soek-soek. (p. 2.)

Dit is veral ten opsigte van sy funksie as karakter in 'n waardesisteem wat teenoor dié van die muise, en meer spesifiek Ger, staan dat Jommiesjor belangrik is. Reeds aan die heel begin, wanneer Soek-soek huil "oor die laaste naald wat gebreek het, en sommer oor Jommiesjor ook" (p. 1), word vertel dat die "sagte, vriendelike" (p. 1) Jommiesjor vir Soek-soek grootgemaak het, en dat hy deur die "naarste van al die dorpsmuise, Ger" (p. 1) doodgebyt is toe hy sewehonderd-en-nege jaar oud was en nog baie lank kon gelewe het as dit nie vir Ger was nie. Op dié wyse sluit verskillende tekstekens met betrekking tot die karakterisering by mekaar aan (dié van Jommiesjor en die ander kabouters) en vorm een waardesisteem om in kontras te staan teenoor 'n ander waardesisteem (dié van Ger en die ander muise). Die karakter van Jommiesjor het verder ook 'n belangrike funksie as bindingselement in die verhaal. Deurdat Soek-soek die babakabouter, wat heel aan die einde van die verhaal gebore word, ook Jommiesjor noem, word die belang van identiteit beklemtoon en word daar 'n sirkelstruktuur in die verhaal bewerkstellig, maar ook die hoopvolle verwagting dat die kaboutergemeenskap sal bly voortbestaan, en dat iets van die oue bly voortleef in die nuwe.

* **Die Groot Kabouter**

Die Groot Kabouter het in die Bruin Bos agtergebly toe die ander kabouters ongeveer honderd jaar gelede gevlug het na die Slag van die Bruin Bos. Dit wat bekend is van die Groot Kabouter, word hoofsaaklik aan die ander kabouters vertel op grond van wat Knopsius van hom onthou en van dit wat in die boeke staan wat die Groot Kabouter self geskryf het. Van sy ouderdom word gesê dat hy, toe hulle uit die bos gevlug het, "al baie, baie oud" (p. 10) was; Knopsius meen trouens: "'As 'n kabouter dit reggekry het om só lank te lewe soos die Groot Kabouter, kan hy miskien ook vir altyd lewe.'" (p. 11.) Daarby het min kabouters hom ooit gesien, "maar almal het geweet hy is daar, die muise ook. Solank hy daar bly sal die muise te bang wees om al die mooi dinge in die bos te verniel." (p. 10.) Op Soek-soek se vraag of Knopsius die Groot Kabouter ooit gesien het, sê hy: "Miskien het ek, en miskien het ek nie." (p. 16.) Ook tydens Soek-soek se besoek aan die Groot Kabouter was die Groot Kabouter onsigbaar; hy was slegs bewus van hom omdat hy sy stem kon hoor deur die misnewels ('n teken van sy teenwoordigheid) in die grot. 'n Mistieke aura omgeef dus die karakter van die Groot Kabouter.

Daar is verskeie tekens van die belangrike plek wat die Groot Kabouter in die kaboutergemeenskap inneem al sien hulle hom nooit nie en al is hy relatief ver van hulle af. Knopsius vertel byvoorbeeld dat hy baie gesoek het na 'n sekelman wat op 'n oranje blom skyn terwyl 'n ster verskiet, maar toe hy vyfhonderd jaar was, het hy totaal moed verloor - totdat die Groot Kabouter hom laat roep het en vir hom gesê het: "Moenie moed verloor nie. As jy net aanhou soek, eike sekelmaannag, sal jy naderhand kry wat jy wil hê." (p. 16.)

Wanneer Soek-soek bedreig en beangs voel in die bos, roep hy na die Groot Kabouter om hulp. Die groot Kabouter antwoord egter nie altyd direk, of op die wyse en tyd wat die kabouters dit wil hê nie. Soms antwoord hy direk, soms indirek en soms oënskynlik glad nie, soos die antwoorde wat hy op Soek-soek se drie vrae met betrekking tot die eet van die bruin pille gegee het. Soms gee hy ook wat iemand nodig het sonder dat daardie karakter op daardie oomblik daarvoor vra, soos toe Soek-soek die naalde by sy voete gewaar het na sy besoek aan die Groot Kabouter in die grot, en ook uiteindelik dit waarna Soek-soek só lank uitgesien het - 'n babakabouter. Hy weet ook dat Soek-soek hom kom opsoek het asook waaroor hy met hom wil kom praat nog voordat Soek-soek sy sin kan voltooi (p. 39). Vir die kabouters is dit ook belangrik dat iemand bos toe moet gaan om vir die Groot Kabouter te gaan vertel van die groot dinge wat met hulle gebeur het, maar Soek-soek sê: "Dis tog nie nodig nie. Die Groot Kabouter weet." (p. 67.) Daar is dus verskeie tekstekens wat as bewyse dien dat die Groot Kabouter ook alwetend is.

*** Outentieke kabouters?**

Algemene inligting oor kabouters waarmee substansie gegee word aan die karakterisering oor die algemeen, maak van die visie van die verhaal nie 'n abstraksie wat in die lug hang nie, maar 'n visie wat aan konkrete, verhaalmatige, literêre tekstekens gekoppel kan word.

Deurdat elke kabouter bepaalde eienskappe het en in eie reg bestaan, 'n persona in sigself word, word hulle wel die draers van die visie van die verhaal, maar só dat elk 'n plek het in die verloop van die verhaal en hulle skouertjies nie dien as hangplekke vir onderafdelings van 'n preek nie.

Die algemene beeld van kabouters kan gevorm word uit beskrywings en beelding van individue, en openbaar 'n groot aantal kenmerke waarvan sommige kortliks genoem word. Kabouters word gebore wanneer 'n ouer kabouter 'n wens wens terwyl die lig van die sekelmaan op 'n oranje blom skyn terwyl 'n ster verskiet. Daar is wel ook vroulike kabouters, maar die laaste dogtertjekabouter wat gebore is het weggewaaï toe die wind opgekom het (p. 48). Hulle lewensverwagting word nie duidelik aangedui nie, alhoewel 'n honderd jaar beskou word as jonk en daar melding gemaak word van 'n kabouter wat sewehonderd-en-nege jaar oud geword het en "nog baie jare" (p. 1) langer kon geleef het as hy nie deur 'n muis gebyt is nie.

Behalwe in die geval van Soek-soek klink die kabouters se name redelik dissonant - Knopsius, Snurfus, Fielfoer, Tuitel, Boebus en Boebelbluk, asook die kabouters Marwickel, Jarfoeng en Dipsus wat in die bos gebly het voordat die kaboutergemeenskap na hulle huidige woonplek gevlug het.

Hulle het skraal lyfies, ronde neuse en blomore en is byna so groot soos 'n gewone (mens) naald. Hulle kan vinnig beweeg: "Met hulle groot voete en ligte lyfies loop hulle vinnig - vinniger as 'n mens, meer as twee keer so vinnig soos 'n mens, byna drie maal so vinnig soos die vinnigste mens." (p. 31-32.) Wanneer hulle in gevaar is, gee hulle 'n lang, skril fluit - die kabouters se noodfluit. Hulle woon in 'n huis in 'n akkerboom se dik stam in die tuin van 'n Mensman, maar hulle het eers in die bos gewoon.

Medisyne word van plante gemaak; daar is ook baie ander dinge wat hulle kan maak, byvoorbeeld potte, tafels, houtskoene, klere en spiese, maar hulle kan nie naalde maak nie. Verder eet hulle onder andere broodkrummels, kaas, appel, heuning en droog sekere kossoorte vir die winter.

Elke kabouter het sy besondere verantwoordelikheid binne die gemeenskap - daar is die kok, die kleremaker, die apteker, die storieverteller, die musikant, die algemene handvaardiges. Hulle lees uit boeke wat hulle uit die bos saamgebring het, waaronder die boek wat die Groot Kabouter nog self geskryf het. Kabouters sal voëls, soos die kanarie altyd teen gevaar probeer beskerm teen die muis, wat hulle aartsvyande is.

Belangrike inligting oor die waardesisteem van die kabouters word uit gesprekke bekend, byvoorbeeld: "as 'n kabouter iets belowe het, moet hy dit doen" (p. 58) en "'n kabouter wat weet dat hy nie weet nie, is wys" (p. 30).

Afwykings van die tradisionele indrukke van die kabouter soos dit in die wêreldliteratuur voorkom (vgl. in hierdie verband Poortvliet & Huygen, 1979: pp. ongenommer) is onder andere die voorkoms van die kabouters. Die karakters in *Soek-soek op soek* stem eerder ooreen met die beskrywing van elwe - hulle het byvoorbeeld blomore wat kan toevou wanneer hulle skrik of gaan slaap, en het ook 'n lang, maer liggaamsbou (vgl. die wesens in Froud & Lee, 1979: p. ongenommer). As hulle wel blomkabouters was, moes daar bewys in die teks daarvan gewees het. Daar is egter geen tekstekens wat aantoon dat hulle besonder na aan die natuur lewe nie.

Alhoewel kabouters nie in vyandskap met muise lewe nie, is dit nie ongewoon dat daar 'n stryery of selfs 'n skermutseling ontstaan as 'n kabouter sy voorrade wil berg vir die winter en die muise dra dit weer weg agter sy rug nie. In hierdie verhaal is die kabouters en die muise egter aartsvyande, terwyl die tradisionele kaboutergesin muise as troeteldiere aanhou. Omdat hierdie kaboutergemeenskap van boskabouters na dorpskabouters moes aanpas, het hulle nie meer voortdurende kontak met verskeie soorte diere nie.

Die kabouters in *Soek-soek op soek* verskil hoofsaaklik van die tradisionele kabouter in die opsig dat eersgenoemde nie die eienskappe van die kabouter in die Europese literatuur openbaar nie. Tekens van uiterlike eienskappe en lewenswyse van die kabouters word aangevul deur die gesamentlike waardesisteem wat die kabouters aanhang, maar waarin radikale verskille ook aanleiding gee tot onderlinge onmin en konflik. As gevolg van die intuïtiewe vredesinisiatiewe van die hoofkarakter word die waardesisteem verder verfyn en kom daar versoening tussen die kabouters in eie geledere, maar ook vrede met die muise, wat oorspronklik hulle aartsvyande was.

* Die muiskolonie

Die muiskolonie word minder genuanseerd as die kaboutergemeenskap uitgebeeld, wat daarop dui dat groter gewig verleen is aan die karaktergroep met die positiewe

waardes. Om die positiewe waardes met behulp van die karakterisering te konkretiseer, is daar van negatiewe waardes gebruik gemaak om só by wyse van kontraswerking die visie van die verhaal te kommunikeer. Om hierdie rede dien die karakterisering van die kabouters as opposisionele tekens teenoor die karakterisering van die muis. Slegs enkele muis word geïndividualiseer (waarmee nie geïndividueer in die Jungiaanse konteks bedoel word nie), maar dan ook net eendimensioneel, naamlik Ger, die leier van die muis, Mya, 'n klein verskrikte muisie, en Pief, wat na Ger se dood die nuwe leier word.

Ger word herhaaldelik beskryf as "naar" en "aaklig" (p. 1, 5, 6, 7), sy ogies is "klein en gemeen" (p. 25, 63), hy het 'n "lelike stem" en "skerp tandjies" (p. 5), en hy "brom", "piep", "skree" en "snerp" (p. 7, 8, 19, 25, 26, 49). Wanneer hy aan die woord kom, is dit sonder uitsondering om negatiewe waardes aan sy karakter te koppel. Hy skree byvoorbeeld vir Soek-soek: "Jou dit se dat se dinges! ... Nou sal ek jóú eers doodbyt, en dan ..." (p. 5.) Ook met diegene van sy eie soort is hy bombasties; vir Mya piep hy: "Vandag byt ek jou dood! ... Jy wil mos altyd rondloop sonder om eers vir my te vra of jy mag! G'n muis in my kolonie mag sommer doen waarvoor hy lus het nie!" (p. 7.) As leier staan Ger in skerp kontras met Knopsius en die Groot Kabouter (wie se wyses van optrede as korrekatief dien op dié van Ger), want sy leierskap wil hy afdwing met woorde soos die volgende aan Mya: "Jou maaifoedie van 'n versimpelde dierasie! ... Ek sal jou wys wie's baas!" (p. 8), of dié woorde teenoor homself toe hy, nadat hy die ander verbied het om van die bruin pille te eet, homself skelm versadig gaan eet daaraan: "Is ek miskien vir iemand bang? Ek is die leier van die muis; ek kan doen wat ek wil. Buitendien weet niemand ek is hier nie. En al hét hulle ook geweet, is dit niks. Ek kan eet as ek wil eet, ek is die baas." (p. 48.) Maar dan gaan hy dood wanneer hy te veel daarvan eet; hy is dié verpersoonliking van die bose en kry 'n straf wat hy volgens die opweeg van die positiewe en die negatiewe waardesisteme van die werklikheidsvisie van die verhaal verdien (gemeet aan die tradisionele Westerse waardesisteme). In hierdie opsig funksioneer Ger en die Groot Kabouter as opposisionele tekstekens wat weer die verskillende waardesisteme verder invul.

'n Muisie met "pienk oortjies en 'n bang wikkelnusie" (p. 7) met die naam Mya is die kabouters goedgesind en selfs lojaal teenoor hulle wanneer dit op die muis af

kom. By Ger is sy altyd in die moeilikheid - òf omdat sy rondloop sonder dat sy hom eers vra of sy mag, òf omdat Ger vermoed dat sy dalk met die kabouters gepraat het. Dit maak van haar 'n karakter wat wel geneties by die muis hoort, maar nie ook as deel van die negatiewe waardes in die verhaal beskou kan word nie. Ook dra sy by tot die visie in die opsig dat soort geneties by soort hoort, al kan daar ander karaktergroeperinge wees; as Soek-soek haar nooi om by die kabouters te kom bly, openbaar sy 'n eie identiteit maar ook groepsverbondenheid: "'Nee dankie! Ek is 'n muis en ek wil by muis woon.'" (p. 56.) Sy verwyt Soek-soek as hy wil hê sy moet sweer dat sy vir geen muis sal vertel as hy haar vertel waarom Ger dood is nie: "'O, maar jy ... jy maak baie lelik!'" (p. 55.) Al is die muis goedgesind, bly sy nogtans lojaal aan haar eie soort. Daarom gaan dit ook by haar eerder oor die beginsel van die saak as die blindelinge inskakeling by 'n groep of navolg van 'n bepaalde leier. As karakter lewer sy op hierdie wyse dan 'n bydrae tot 'n faset van die werklikheidsvisie in die verhaal.

Die ander muis word kollektief gekarakteriseer; hulle is getrou aan hulle eiesoortigheid - in wese muis en nie menskarakters in die gestaltes van muis nie. Ger, die leier van die muis, wil byvoorbeeld die kanarie (Gouekappie) wat bo-op die Mensman se yskas staan, opvreet, piep benoud toe die Mensman na hom slaan, die muis skarrel of triep-trap rond, klouter teen die bed op, pieplag, en het "trillende snorbaarde en regop oortjies en skerp wit tande" (p. 37). Hulle funksioneer ook as deel van die negatiewe waardes in die verhaal. Hulle optrede en wyse van kommunikasie is altyd aggressief en negatief. Volgens hulle leier is die muis en die kabouters vyande "van die begin van die wêreld af" en hy dreig Mya met:

"As jy met daardie ... daardie mannetjies met die blomore praat en ek vind dit uit, maak ons biltong van jou! Geen muis wat aan my kolonie behoort, doen so iets nie! ... Die bosmuis het teen hulle oorlog gemaak en ver gewen, en óns sal een van die dae verder teen hulle oorlog maak." (p. 26.)

Die muis bly voortdurend vir die kabouters 'n wesenlike bedreiging. Hulle val die kabouters aan wanneer hulle kos wil soek in die Mensman se huis, maar die werklike stryd tussen die muis en die kabouters gaan oor die bruin pille wat die Mensman vir die muis neergesit het. Die muis het dit in die voue van 'n kombers

wat op die voetenont van 'n bed in 'n kamer gelê het gebêre, maar die kabouters het alles van agter 'n gordyn beskou en besluit om die pille vir hulleself weg te dra. Die vrae wat Soek-soek oor die wenslikheid van die kabouters se besluit opper, het tot gevolg dat hy deur die ander na die Groot Kabouter afgevaardig word. Die interpretasie en uitlewing van die Groot Kabouter se antwoorde veroorsaak dan meningsverkil in eie geledere onder die kabouters omdat hulle nie wil hê dat Soek-soek vir die muise moet gaan vertel dat die pille gif is en nie winterkos nie. Uit die wyse waarop verskillende karakters aan albei kante in hierdie situasie optree, kan dan hulle verskillende visies op hulle medekarakters afgelei word.

* **Karakterisering as teken in die sisteem van verhoudinge**

Gesamentlik funksioneer die twee groepe karakters dan as onderskeidelik draers van die positiewe en draers van die negatiewe waardes. Die tekens wat in die karakteriseringparadigma as sisteem funksioneer (karakters word met behulp van tekstekens geskep; vergelyk in dié verband: "Van die muise is daar geen teken nie" - p. 17), kan ruweg gekategoriseer word onder die positiewe waardes wat saamhang met die kabouters, en dan die negatiewe waardes wat geassosieer word met die muise. Dié verdeling is egter nie 'n absolute wit-swart-verdeling nie, omdat die kabouters ook soms verkeerd oordeel (hulle is uiteindelik verkeerd bewys in hulle oordeel dat hulle - Soek-soek uitgesonder - nie vir die muise wou vertel dat die bruin pille gif is nie), en omdat daar onder die muise ook goeies is (waarvan Mya 'n verteenwoordiger is). Op 'n oënskynlik terloopse vraag van Soek-soek of daar in die bos ook goeie muise (soos Mya) was, antwoord Knopsius: "Miskien was daar, en miskien was daar nie. Ons het in elk geval net slegtes geken." (p. 9.)

Daar kan kwalik van 'n uiteindelijke herstel van goeie verhoudinge gepraat word, omdat daar nooit voorheen vriendskap tussen die kabouters en die muise was nie. Deur die daadwerklike optrede en positiewe bemiddeling van die hoofkarakter is daar uiteindelik vrede gemaak en het die goeie aan albei kante, en nie 'n spesifieke groep nie, geseëvier. Dus het nie die enkeling oor 'n ander enkeling, of een groep oor 'n ander nie, maar die goeie oor die bose oorwin.

4.4.1.3 Tyd

Reeds vroeg in die verhaal word die belangrikheid van die tydsaspek in dié verhaalwerklikheid eksplisiet in die woorde van een van die karakters gestel. Toe Soek-soek se laaste naald pas gebreek het en hy van Fielfoer, die medisynekabouter, wou weet hoekom hy nie die salf teen muisbyte vroeër uitgevind het nie, sê hy: "Elke ding word op sy tyd uitgevind, dis al. Miskien is dit nou die tyd vir jou om uit te vind hoe om naalde te maak." (p. 3.) Die wyse waarop die tyd as deel van die verhaalvisie aangebied word, gee blyke van 'n samehangende werklikheid met 'n sinvolle verlede, hede en toekoms.

Die vertelde tyd (die duur van die geskiedenis van Soek-soek se verknorsing oor die naalde, die kaboutergemeenskap se geveg met die muise en die vervulling van sy wens na 'n klein kaboutertjie) verloop oor 'n tydperk van ses dae, alhoewel die oorgange tussen die dae nie saamval met die oorgange tussen hoofstukke nie. Hierdie tydsopvatting is dieselfde as in gewone aardse tyd, alhoewel die ouderdomme van die kabouters die tyd weer fantasiematig relatiewe. Die Mensman is byvoorbeeld "al oud vir 'n mens: sewentig jaar" (p. 1), terwyl Soek-soek byna honderd jaar is, maar nog jonk in die oë van die ander kabouters. Gewone aardse tyd word dus nie heeltemal opgehef nie, want dit bestaan in hierdie verhaal naas die fantasietyd soos gemanifesteer in die ouderdomme van die kabouters.

Die volgorde van die vernaamste gebeure, naamlik die innerlike en uiterlike stryd oor die pille is chronologies aangebied, maar vanuit die hede is daar heelwat terugskouinge na onder andere die Slag van die Bruin Bos, en vooruitskouinge op die moontlikheid van 'n oorlog tussen die kabouters en die muise oor die bruin pille.

Omdat die verhaalwerklikheid vanuit Soek-soek se ervaring daarvan gefokaliseer word, is ook die tydsbeleving subjektief. Geen tyd gaan verby sonder dat Soek-soek in die sentrale nōu daarvan is nie. Wanneer daar 'n terugskouing is na "honderd jaar gelede, toe die paar kabouters wat nog daar gewoon het uit die bruin bos weg is" (p. 1), is dit 'n herinnering wat hy koppel aan sy verknorsing van die oomblik - die laaste naald wat Jommiesjor uit die bos saamgebring het, het so pas gebreek en die winter is aan die kom; Soek-soek het dringend naalde nodig. Knopsius se verhale oor die ou, ou tyd word ook altyd vertel in Soek-soek se teenwoordigheid. Sulke

terugskouinge in die tyd is wel nie van groot tekstuele omvang nie en sekondêr aan die primêre gebeurte, maar vir die visie op die verhaalwerklikheid wel van belang. Hierdie terugskouinge verwys byvoorbeeld na die eeue-oue stryd tussen die kabouters en die muise, die wyse waarop Soek-soek gebore is en na die rol wat die Groot Kabouter reeds lankal in hulle bestaan speel. Laasgenoemde is een van die belangrikste tekens van die belang van die tyd in die verhaal. Soek-soek, wat die Groot Kabouter nog nooit gesien het nie, vra: "Lewe die Groot Kabouter ooit nog?", waarop Knopsius antwoord: "As 'n kabouter dit reggekry het om só lank te lewe soos die Groot Kabouter, kan hy miskien ook vir altyd lewe." (p. 11.) Die terugskouinge in die verhaal is almal heterodiëgeties, omdat Soek-soek nie én die verteller én fokalisator is nie. Tog doen dit nie afbreuk aan die bydrae wat hierdie terugskouinge lewer tot die visie van die verhaal nie, omdat Soek-soek steeds die waarnemende karakter bly uit wie se oogpunt die tydsbeleving aangebied word. Op hierdie wyse funksioneer die terugskouinge as indeksikale tekens om die plek en funksie van die karakters binne die tyd te kommunikeer en kry die nou 'n spesifieke plek met betrekking tot die verhouding van die hede tot die verlede en die toekoms.

Die tyd bestaan vir die kabouters nie net in die genieting of oorlewing van die oomblik nie, maar ook in 'n wyer tydsdimensie deurdat hulle met die oog op die toekoms lewe. Die vooruitskouinge hang hoofsaaklik saam met die besluite wat die kabouters moet neem ten opsigte van die pille, en die moontlikheid van 'n oorlog tussen die kabouters en die muise. Dit blyk veral duidelik uit Soek-soek se innerlike konflik oor die vraag of hulle die pille moet los en kyk hoe die muise eet terwyl hulle eie mae leeg is, en of hulle die pille moet wegdra sodat die muise ook kan honger ly. Dit hang saam met sy besef dat "wat hulle ook al doen, (daar sal) oorlog kom, net soos 'n honderd jaar gelede met die Slag van die Bruin Bos" (p. 46). Die onsekerheid oor die toekoms is nog 'n vorm van vooruitskouing. Soek-soek wonder of hulle oor 'n honderd jaar nog in die dorp sal woon met die bygedagte dat die muise hulle miskien almal sal uitroei (p. 43). 'n Belangrike vooruitskouing, wat direkte implikasies het vir die visie van die verhaal is die Groot Kabouter se raad aan Soek-soek aan die einde van hulle gesprek in die Bruin Bos: "'Later sal jy alles verstaan.'" (p. 40) - daar is nie altyd onmiddellike, klinkklare antwoorde op lewensvrae nie; perspektief op die werklikheid is iets wat gewoonlik mettertyd groei.

Die tydsverloop geskied met ritmiese afwisseling tussen dramatiese scènes waarin die karakters pratend en handelend uitgebeeld word, en opsommende beskrywings van die gebeure. Die tempo word veral vertraag met die besonder belangrike scène van die krisissituasie wanneer daar as gevolg van 'n misverstand 'n hewige skermutseling uitbreek tussen die kabouters en die muise (p. 60-65). In die chronologiese gang van die gebeure kom daar ook tydspronge (ellipse) voor, wat bewerkstellig word met sinsnedes soos: "Eers na 'n lang ruk roer hy weer ..." (p. 15), "Kort daarna hoor hulle..." (p. 17), "Later ry die Mensman weer met sy motor weg..." (p. 18), "... die volgende oggend..." (p. 23), "Lank, lank wag hy..." (p. 33). Dit is opvallend dat die tydspronge nie besonder lang tye behels nie, maar minute, ure of hoogstens 'n enkele nag.

Dit is opmerklik dat baie meer verteltyd aan die karakterisering van die kabouters bestee word as aan dié van die muise. Dit hou uiteraard verband met die fokalisasie wat vanuit Soek-soek se oogpunt geskied - as kabouter is hy gewoonlik in die teenwoordigheid van die kaboutergemeenskap en nie by die muise nie. Op dié wyse word daar ook meer verteltyd bestee aan die karakters wat die positiewe waardes in die verhaal verteenwoordig en dra dit as teksteke ook by tot die representasie van die visie van die verhaal. (Vgl. ook 4.4.1.2.)

'n Teksteke wat dui op die samehangende sin wat die verhaal deur middel van die tyd as epiiese element representeer, is die heel laaste scène, wanneer die klein kabouterjie, na wie se koms Soek-soek só lank uitgesien het, gebore word. Dié gebeurtenis funksioneer ook as indeksikale teken, omdat dit in die deiktiese konteks van die hele tydsverloop van die verhaal bewys is as 'n uitsonderlike sameval in die tyd wanneer 'n kabouterbaba gebore word: die groter kabouter wat graag 'n klein kabouterjie wil hê, moet daarvoor wens op die oomblik dat 'n ster verskiet terwyl die sekelmaan op 'n oranje blom skyn. Dit is verder 'n belangrike oomblik wanneer Soek-soek besluit om die klein kabouterjie Jommesjor te noem, omdat die verhaal begin met die vertel van die dood van die ou Jommesjor, en eindig met die geboorte van 'n klein Jommesjor. Op hierdie wyse dui die hele tekensisteem met betrekking tot die tyd daarop dat, in samehang met die gedagte aan die vredesluiting tussen die kabouters en die muise, 'n nuwe tydperk van hoop, welsyn en 'n vredige voortbestaan ingelui word, al eindig die vertelde tyd hier. Die visie op die toekoms

is dus positief en hoopvol. Hierdie tydstruktuur is dan 'n metafores ikoniese teken daarvan dat 'n snit in die tyd eintlik deel is van durende tyd, en in die lig van die religieuse aspek van die werklikheidsvisie van hierdie verhaal, selfs deel van die ewigheid.

Die visie op die tyd as faset van die verhaalwerklikheid word dus duidelik deur middel van 'n verskeidenheid verhaalprocédés verhaalmatig gekonkretiseer. Ook die tyd is benut, maar nie misbruik nie, deurdat die metafisiese visie op die tyd nie eksplisiet uitgespeel is in die representasie van die visie van die verhaal nie.

4.4.1.4 Ruimtebeelding

Reeds op die eerste twee bladsye word die drie belangrikste ruimtes bekend gestel: die kabouters se huis in die akkerboom se dik stam, die Mensman se huis en die Bruin Bos. Geleidelik word dié ruimtes deur middel van onder andere opstapeling, herhaling en kontrastering van tekstekens 'n beeld opgebou van die verhaalwêreld. Die rietbos, die tuin, die veld en die anderkant van die dorp dien slegs as agtergrond en het nie werklik 'n beduidende rol in die konkretisering van die tema en die visie nie. Deur interaksie tussen die ruimteparadigma en ander tekselemente soos karakterisering en gebeure ontwikkel die ruimtelike kode tot 'n psigologiese en uiteindelik werklikheidsbeskoulike dimensie. Soos met die ander verhaalelemente is dit die totaliteit van die opbou van die bepaalde element wat die kode vorm waaruit die visie uiteindelik geabstraheer word. Daarom is dit ook nodig om die totaliteit van die ruimtelike verhoudinge wat die topos uitmaak na te gaan om sodoende die visie te kan aflei. Die ruimtelike kode van hierdie verhaal is in fyner besonderhede en baie meer substansieel aangebied as van die ander verhaalelemente soos die tydstruktuur, wat ook 'n aanduiding gee van die belangrikheid wat aan die ruimte as teksteken in die kommunikasie van die visie gegee word.

*** Die kabouters se huis in die akkerboom se stam**

Nadat die kabouters honderd jaar gelede uit die bos gevlug het, het hulle 'n huis in die akkerboom se dik stam, naby die Mensman se huis gemaak. Die huis is vir hulle nie net 'n woonplek nie, maar ook 'n toevlugsoord en 'n skuilplek, want die

muise bly altyd 'n bedreiging: "Hulle moet die deur toe hou dat die muise nie dalk inkom en in hulle kamers snuffel nie." (p. 3-4.) In die huis is daar verskillende kamers, soos die koskamer waar hulle eet en waar Snurfus werk, Fielfoer se medisynekamer en die slaapkamer waar almal altyd knus in die bed van voëltjievare gaan slaap. Afgesien daarvan dat die verskillende kamers in die akkerboomhuis genoem word, word die ruimte ook gekonstitueer deur die vermelding van verskillende voorwerpe binne die ruimte. So werk Soek-soek byvoorbeeld met 'n kabouterskêr en menslap by 'n tafel wat deur die tweeling gemaak is; Fielfoer maak 'n nuwe soort salf in 'n pot wat ook deur die tweeling gemaak is; in die koskamer word broodkrummels, stukkies vleis en pampoenpitte gedroog vir latere gebruik; daar word ook genoem dat die tweeling skoene, spiese en swaarde in die huis maak; daar is die boeke wat die kabouters nog uit die bos saamgebring het en waaruit Knopsius dikwels lees. Die kabouters se woonplek en die voorwerpe daarin word origins nie in besonderhede uitgebeeld of beskryf nie, omdat die meeste gebeure elders plaasvind. Tog aktiveer die samespel van die tekens met betrekking tot die kabouterhuis 'n teken-sisteem waarin die kabouterhuis 'n positiewe konnotasie verkry.

* Die Mensman se huis

'n Ruimte waaraan meer aandag gegee is in die kommunikasieproses ten opsigte van die totale ruimtelike kode, is die Mensman se huis in die dorp, veral omdat dit die ruimte is waar die konfrontasie tussen die kabouters en die muise gewoonlik plaasvind. Selfs in die beskrywing van die ingang word die stryd tussen die twee opponerende karaktergroepe, al is dit dan nie direk nie maar in samehang met ander tekens in die groter tekensisteem, geïmpliseer: "Dit is nie moeilik om by die menshuis in te kom nie: onder een van die deure is daar 'n spleet waar kabouters en muise kan deurkruip." (p. 4.) Watter tekstekens ookal gebruik word vir die beelding van die menshuis, dit hou deurgaans verband met die stryd tussen die kabouters en die muise, behalwe wanneer die Mensman se klaviermusiek beskryf word. Opvallend is dat die terrein waar die konflik hoofsaaklik plaasvind, die kombuis is, dus 'n ruimte waar een van die basiese bestaansbehoefte - eet - bevredig word. Dit behels eetgoed soos kaas, beskuit en brood. Een van die objekte waaroor daar ook konflik is, is Gouekappie, die kanarie in die koutjie op die

yskas. Die kabouters probeer haar altyd beskerm, maar Ger, die leier van die muise, wend voortdurend 'n poging aan om haar in sy kloue te kry. Uit 'n opmerking van Ger, wat deur die kabouters gehoor word terwyl hulle in 'n kas in die kombuis wegkruip, blyk dit dat die muise 'n ander psigiese oriënteringspunt het waarvan hulle na die wêreld om hulle kyk: "'Kabouters is ons vyande van die begin van die wêreld af! Die bosmuise het teen hulle oorlog gemaak en ver gewen, en ons sal een van die dae teen hulle oorlog maak.'" (p. 26.) Só gesien is die wêreld (eintlik die tydruimte) vir die muise 'n ervaringsdimensie van vyandigheid en vyandskap. Dit blyk ook hieruit dat verskillende tekstekens soos die objekte en gebeure in 'n bepaalde ruimte, maar ook die kontrastering van karakters se beleving van en visie op die verhaalwerklikheid gesamentlik funksioneer sodat die ruimtebeelding weer as kompleksere teksten 'n bydrae tot die visionêre proses kan lewer.

Die belangrikste objek in die Mensman se huis is die bruin pille, waaroor daar die grootste konflik is, en wel in so 'n mate dat die huis 'n oorlogsterrein word. Die muise, onder die indruk dat die gifpille wat die Mensman vir hulle in die kombuis neergesit het ideale winterkos sal wees, gaan bêre die pille in die voue van 'n kombors in 'n ander kamer. Wat uiterlik in die konkrete ruimte bestaan en gebeur skep dan 'n psigiese ruimte waarin die kaboutergemeenskap onseker voel oor wat hulle met die pille moet doen, totdat hulle vir Soek-soek afvaardig om raad te gaan vra by die Groot Kabouter in die bos.

* **Die Bruin Bos**

Die ruimte wat verreweg die duidelikste gebeeld word en wat in die meeste besonderhede beskryf word, is die Bruin Bos waar die Groot Kabouter woon en waar die ander kabouters (behalwe Soek-soek) oorspronklik vandaan kom. Die klem val uiteraard baie sterk op natuurbeskrywings, waarin die sinuïglike 'n baie sterk rol speel. Die beelding van die bos val ook in drie momente uiteen, naamlik Soek-soek se ervaring van die bos voordat hy die Groot Kabouter ontmoet, die ervaring van die ruimte binne-in die grot waarin die Groot Kabouter hom bevind, en die verandering van die bos ná Soek-soek se besoek aan die Groot Kabouter.

Soek-soek se eerste waarneming van die bos is vanuit die lug; hy word deur 'n wind ('n belangrike aktant in die verhaal) wat in die rigting van die bos waai daarheen gevoer. Die natuur word in besonderhede beskryf deur onder andere die spesifieke naam van die boom van die boom: "Later sien hy die bos nader kom. Daar is hoë, dun populierboom wat nou aan die einde van die somer begin geel word, en daar is korter, dikker denboom en sederboom wat nog diepgroen is." (p. 32.) Daar is 'n duidelike parallelisme tussen die eerste visuele indruk van die bos en die gevoel van die karakter wat dit waarneem: "'A, dis mooi hier,' dink die kabouter." (p. 32.)

Sy aanvanklike positiewe gevoel teenoor die bos verander wanneer dit aand word en die onbekende dinge in die bos hom beangs maak: "Daar kom geluide uit die bos wat hy nie ken nie ... Iets kriel tussen die blare, iets steun in die takke, iets skree vreeslik in die middel van die bos." (p. 32.) Omdat hy die objek van sy ang nie kan identifiseer nie, voel hy onseker en beangs. Die belangrike rol wat die ruimte hier speel maak daarvan 'n aktant wat 'n negatiewe invloed het op die hoofkarakter. Dit is nodig sodat die kontras tussen Soek-soek se ervaring vóór sy besoek aan die Groot Kabouter en sy besoek daarna sterker kan uitstaan. Dit is dus funksioneel dat wanneer hy die volgende oggend wakker word, Soek-soek die ruimte as antagonisties ervaar; hy hoor byvoorbeeld hoe die wind tussen die takke van die boom deur ruk "sodat die blare knorrig teen mekaar skuur" (p. 34). Daarom is die teksteke wat die ruimte as sodanig beeld, dan spesifiek op die beangstigende afgestem. In die bos is daar tekens dat daar mense was, maar dit het 'n negatiewe konnotasie:

In die bos is daar dowwe paaie wat mense gemaak het. Soek-soek volg elke paadjie met sy vinnige voete, maar die een gaan tot by 'n hoop as, twee na vuil papiere wat sommer neergegooi lê, en nog een loop na 'n geroeste vullisdrom. Dit wys dat hier partykeer mense is ... (p. 35).

In hierdie konteks funksioneer die hoop as, die vuil papiere en die geroeste vullisdrom as tekens in die negatiewe paradigma. Sy verdere bevestiging van die ruimte is ook negatief; die natuurelemente word soos volg beskryf:

Die wolke word nóg dikker en swarter. Die wind waai al kwaaiër totdat die boomtakte kraak en kreun. 'n Groot voël fladder tussen die blare rond; hy is te swaar om te vlieg as die wind so sterk is. Yskoue reëndruppels val verby die bome tot op Soek-soek se mus en skouers. (p. 35.)

Die opstapeling van tekstekens met 'n negatiewe konnotasie word volgehou met die volgende ruimtelike inligting:

O, en toe sien hy 'n sluiperige, gluiperige diëring verby die stamme skuur! Soek-soek begin bang weghardloop, maar toe hy hardloop, gee dit die wind 'n kans om hom te skep. 'n Paar tellings later hang die kabouter aan 'n tak. Hoe hy ook al spartel, kan hy nie loskom nie: die tak het deur sy baadjie gehaak. (p. 35-36.)

Die bos kan selfs as antagonis beskou word as Soek-soek al vyandiger behandel word:

Strome reën begin te val. Die tak waaraan Soek-soek hang, knak af in die wind en reën en val grond toe. Gelukkig kry die kabouter sy baadjie los - maar ongelukkig ruk en pluk hy só woës dat hy agteroor val, binne-in 'n stroom water. Nou is hy nog natter en kouer ... (p. 36).

Soek-soek se vorige ervaring van die bos behels slegs dit wat hy in sy geestesruimte meegemaak het tydens Knopsius se vertelling van die vyandiggesinde, kwaai muise wat die rede was waarom die kabouters honderd jaar gelede uit die bos gevlug het. Wanneer hy dan muise in die bos sien word die negatiewe gevoel jeens die bos geïntensiveer. Omdat die tekstekens betreffende die bosmuise herhaal word (p. 1, 9, 10, 16, 37) ontstaan daar ook 'n tekensisteem wat die negatiewe aard van die bosmuise kommunikeer. Sy eerste direkte ervaring van die bosmuise (as karakters wat deel is van die ruimte en so daardie ruimte medebepaal) is negatief:

En net toe hy weer wil begin rol, sien hy blink, swart ogies oral tussen die bosse deur vir hom loer. Nog oë. Vaal lywe wat nader sluip. Muise! Bosmuise, nog groter en leiiker as die dorpsmuise, met trillende snorbaarde en regop oortjies en skerp wit tande! ... Daar is baie muise en hy is maar net één kabouter van amper honderd jaar oud wat nog nooit vantevore hier in die Bruin Bos was nie. (p. 37-38.)

Soek-soek word byna die slagoffer van die karakters wat hierdie ruimte bevolk as hulle hom wil aanval en hy moet vlug vir sy lewe.

In skerp kontras met hierdie ervaring van al die beangstigende en vreesaanjaende verskynsels wat deel uitmaak van die bos, is Soek-soek se daaropvolgende beleving van die Groot Kabouter se grot. Hy het nie presies geweet waar die Groot Kabouter woon nie en het eintlik per geluk in die grot beland omdat hy vir die bosmuise gevlug het. In die grot is daar spinnerakke en die geluid van 'n uil wat hoe-hoe en water wat onder die grotvloer loop, en - die sagte, gerusstellende stem van die Groot Kabouter wat hom nader roep. Kontrasterende tekstekens word dus ook in die ruimtelike kode gebruik om die bose en die goeie teenoor mekaar te stel. Alhoewel Soek-soek al dieper in die grot moet gaan om by die Groot Kabouter uit te kom, word dit al ligter hoe verder hy gaan: "Maar hy loop totdat hy baie dofweg kan sien dat hy in 'n kleiner grotkamer is, 'n bietjie ligter as die eerste een. Dis snaaks. Behoort dit nie donkerder te wees nie?" (p. 39.) Sy gevoel van die oomblik word ook direk gestel teenoor sy vroeëre gevoel in die bos: "Hy onthou die sluiperige, gluiperige dierding wat hy tussen die bome gesien het - maar tog is hy nie bang nie. Sy hart klop stadig. Hy sit een voet voor die ander sonder om bang te wees dat hy sal val of teen iets sal stamp." (p. 39.) In die laaste van die drie grotkamers is daar 'n wit mistigheid wat ronddraai en oor Soek-soek se wange vee voordat die Groot Kabouter van "êrens agter die mis" met Soek-soek begin praat. Dit is opmerklik dat die Groot Kabouter, wat onsigbaar is, se stem vergelyk word met tekens uit die ruimtelike kode - dit klink soos water wat oor klippe dans en soos wind wat deur die blare speel (p. 39,40).

Ná sy gesprek met die Groot Kabouter en nadat hy die nag net agter die blaargordyn by die opening van die grot geslaap het, is Soek-soek verstom oor die verandering wat in die bos gekom het. Dis wel presies dieselfde ruimte, maar die

verligting in sy gemoed word weerspieël in die alternatiewe tekstekens waarmee dieselfde plek nou gebeeld word. Dié verandering is ikonies van die verandering wat daar in sy geestesgesteldheid plaasgevind het:

Toe hy wakker word, kan hy sy oë nie glo nie. Buite skyn die son en die lug is so blou soos 'n koringblom. Die wind het gaan lê. Hy hoor die populierblare raas en die water in die stroom sliep-slap oor die klippe loop. Die grond en die bome, die dennenaalde en die nat klippe ruik wonderliker as enigiets wat Soek-soek al ooit in sy lewe geruik het. En oral sing voëls: keroekoe, pieplepiep, kirrr, bokmakierkier, fluit-fliet en kwaaa - alles deurmekaar. (p. 41-42.)

Die verband tussen en die oorheenskuiwing van die fisiese en die metafisiese ruimtes en die verandering wat die ruimtewisseling teweeggebring het, blyk duidelik uit Soek-soek se uiteindelijke gevoel teenoor die bos en teenoor die Groot Kabouter wanneer hy sê:

"Dankie ... baie dankie ... baie, baie dankie." Hy weet self nie vir wie hy dankie sê nie: vir die Groot Kabouter wat deur die mis met hom gepraat het, of vir die bos wat skielik vir die kabouter wys hóé mooi hy kan wees. Miskien is dit maar vir altwee. (p. 42.)

Die verhaalruimte is duidelik nie in hierdie teks bloot as agtergrond gebruik nie, maar speel 'n belangrike rol as aktant om die visionêre proses te ondersteun.

Deur die manipulasie van die implisiete outeur deur opposisionele ruimtelike tekstekens en tekensisteme teenoor mekaar te stel, is die fundamentele waarheid dat die karakter se belewing van die ruimte bepaal word deur die wyse waarop hy na die omringende werklikheid kyk verhaalmatig gekonkretiseer. Omdat die fokalisasie vanuit die hoofkarakter se belewing van die werklikheid geskied, lewer ook die ruimtelike kode in interaksie met die karakteriseringskode 'n bydrae tot die visionêre proses.

* Die funksies van ruimtewisseling

In die loop van die verhaal is daar gedurig wisseling in die ruimte, onder andere omdat die verhaalwerklikheid uit die hoofkarakter se fokalisasiehoek aangebied word. Soek-soek beweeg dikwels tussen die kabouters se boomhuis en die Mensman se huis, hy gaan ook na die tuin en die veld, en veral belangrik - hy bring 'n besoek aan die Groot Kabouter in die bos.

Die beweging binne 'n bepaalde ruimte is ook van belang, want so word daardie ruimte gebeeld en kry ook die funksie van die ruimte as sodanig beslag, soos wanneer Soek-soek van die een kabouter na die ander in die kabouterhuis loop en sy naaldekrisis opper. Op dié wyse word daar informasie oor die verskillende kamers in die kabouterhuis bekend gemaak.

Maar dis met die beweeg van een ruimte na 'n ander dat grense oorgesteek word. Daar is byvoorbeeld die beweeg vanuit die kabouterhuis na die Mensman se huis, of van die kabouterhuis na die Groot Kabouter se grot in die Bruin Bos, dus van een konkrete ruimte na 'n ander konkrete ruimte. Telkens wanneer daar so 'n ruimtelike verplasing is, is daar ook 'n verandering in die geestesruimte. Wanneer die kabouters na die Mensman se kombuis gaan is hulle gewoonlik bewustelik op hulle hoede vir die muise wat altyd 'n wesenlike bedreiging in hulle onderbewussyn bly. Wanneer Soek-soek na die Bruin Bos moet gaan, beweeg hy oor 'n landskap wat by hom 'n bepaalde geestesruimte van waardering en blye verwagting skep. In die bos is daar egter sowel onidentifiseerbare as identifiseerbare gevare, wat hom ook weer 'n ander geestesruimte - dié van angs en vrees - laat binnegaan. Die ingaan in die grot is eweneens die oorsteek van fisiese én metafisiese grense, omdat hy die bos totaal anders ervaar het as die geborgenheid wat hy by die Groot Kabouter in die grot voel. Wat die oorsteek betref van die grens tussen die mensdorp waarin die kabouters woon na die bos en die grot, is daar selfs sprake van 'n oorsteek van die grense van die bewuste na die onder-bewuste - 'n indwing in die self op soek na antwoorde, maar dan is dit nie op die vlak van die ervaring van 'n karakter nie, maar op die vlak van die implisiete outeur se seleksie, kombinasie en manipulasie van tekstekens om by onderbewuste bestaansfere uit te kom en om die totaliteit van die topos van die verhaal groter psigologiese gewig te gee. Hierby sluit die

kwalifiseerder "Bruin" voor "Bos" aan, deurdat dit geassosieer word met basiese, praktiese kennis, in hierdie geval aangaande die self.

By die oorsteek van grense kom binêre opposisies altyd ter sprake, wat dan behels dat dit nie net oor die grens as sodanig gaan nie, maar oor die twee ruimtes weerskante van die grens. Op die vlak van die fisiese ruimte gaan dit dan in die geval van byvoorbeeld die Bruin Bos en die grot oor die "daarbuite" en die "daarbinne", en op metafisiese vlak oor die negatiewe en die positiewe gevoelswaardes, beangstheid en geborgenheid wat daarmee saamgaan.

'n Belangrike ruimtelike teken in die visionêre proses is die muise se besluit om te trek:

"Oor dié vriendelike ding wat jy gedoen het, kabouter, kan ons nou nooit weer teen julle oorlog maak nie. Vannag nog sal ons na die ander kant van die dorp trek, want dis beter dat ons julle nie weer sien nie." (p. 66.)

Hierdeur word die klem geplaas op eie identiteit en vreedsame naasbestaan.

Op hierdie wyses funksioneer die tekstekens in die fisiese en metafisiese ruimtelike kode as deel van die kommunikasieproses waarin die visie van die verhaal uiteindelik tot openbaring kom.

4.4.1.5 Gebeure

Die gebeure behels hoofsaaklik (in rangorde van belangrikheid) die handeling van die karakters met betrekking tot die bruin pille, Soek-soek se naaldekrisis en sy wens dat 'n babakabouter gebore moet word. Elk van hierdie hoofaksente in die verhaal vorm met inagneming van chronologie, logika en kousaliteit 'n gebeureketting wat deur middel van seleksie en kombinasie met ander verhaalelemente 'n samehangende vervlegtingstruktuur toon sodat al drie bydra tot die hooftema en die visie van die verhaal.

Die gebeure gaan as 'n onafgebroke stroom voort (afgesien van die tydspronge en terug- en vooruitverwysings) soos beleef deur Soek-soek. In hierdie stroom van gebeure word Soek-soek dikwels van een ruimte na 'n ander verplaas en ontmoet hy telkens ander karakters. Die narratiewe funksie hiervan is die voortgaan van die gebeure.

In die gebeureparadigma kan twee tipes tekstekens onderskei word, naamlik die uiterlike gebeure en handeling wat saamhang met die drie verhaallyne en die innerlike gebeure en handeling, veral die van Soek-soek (omdat daar vanuit sy belewing van die verhaalwerklikheid gefokaliseer word). Soms is die uiterlike gebeure die gevolg van innerlike handeling by die karakter. As Soek-soek byvoorbeeld oor die bruin pille nadink, is sy besluit op 'n bepaalde optrede die oorsaak van die uiterlike handeling wat daarop volg. Die uiterlike handeling vind plaas wanneer hy dan daadwerklik optree en na die muise gaan om hulle te vertel dat die pille gif is. Nie net die uiterlike gebeure en handeling bevorder dus die voortgang van die verhaal nie; die innerlike handeling is juis die oorsaak van die daaropvolgende uiterlike handeling. Maar hierdie innerlike handeling is weer die gevolg van vroeëre uiterlike gebeure (die Groot Kabouter het gesê dis beter om nie die pille te eet nie; die kabouters het van vreugde gedans omdat Ger pote in die lug in die rietbos lê). Die uiterlike en die innerlike gebeure en handeling en ook die verskillende gebeurelyne is dus vervleg en samehangend. So vorm die gebeure 'n sisteem waarin daar 'n bepaalde patroon van oorsaak en gevolg onderskei kan word, en waarin die belangrikste verbandhoudende verhaalelemente karakterisering en ruimtebeelding is. As sodanig bevestig die gebeure as tekensisteem in hierdie verhaal genetisiteit as grondtrek van die werklikheid.

In hierdie verhaal is daar wel 'n verandering in die verhaalwerklikheid omdat daar vrede gemaak word en die muise uiteindelik trek, maar dit word voorafgegaan deur reekse uiterlike handelinge en gebeure en innerlike veranderinge by die karakters.

Van "alles" wat in die verhaalwêreld gebeur is Soek-soek as fantasiekarakter bewus (dit wil sê alles wat hy uit sy beperkte fokalisasiehoek kan waarneem), maar die Mensman is nooit bewus van dit wat in die fantasiewêreld gebeur nie, byvoorbeeld dat daar kabouters en muise aan die veg is in sy huis nie. In die verhaalwerklikheid

kan daar 'n onderskeid getref word tussen fantasiegebeure en realistiese gebeure, alhoewel dit wel vervleg raak met mekaar.

*** Die stryd rondom die bruin pille**

Nie die naaldeprobleem of die verlange na 'n babakabouter nie, maar wel die kabouters en die muise se handeling wat verband hou met die bruin pille is bepalend vir die voortgang van die verhaal van een situasie na 'n volgende en verandering van toestand in die verhaalwerklikheid. Die oorwig tekstekens is aan hierdie gebeurereeks afgestaan, daarom is dit moontlik om dit as die belangrikste van die drie te identifiseer.

In hierdie gebeurelyn is dit duidelik dat Soek-soek intellektueel en emosioneel handel. Sy besluit oor die bruin pille gee blyke daarvan dat hy met sy verstand en met sy hart besluit het; hy handhaaf dus 'n balans tussen sy intellek en sy emosie - wat in 'n groot mate gerig is deur die raad van die Groot Kabouter - in die besluite wat aanleiding gee tot sy handeling.

Soek-soek is deurentyd ingestel op 'n verbetering in die stand van sake, maar hy kom in konflik met die ander kabouters as hy die muise wil gaan vertel dat die pille wat die Mensman vir hulle neergesit het en hulle so ywerig gaan bêre het vir winterkos, eintlik gif is. Die kabouters se optrede deur Soek-soek te wil keer, veroorsaak dan 'n verslegting in die situasie (alhoewel hulle daarvan oortuig is dat hulle die regte koers inslaan deur die muise maar die pille te laat eet). Dié meningsverskil en 'n misverstand aan die kant van die muise lei dan tot die uiteindelijke krisis en klimaks in die verhaal wanneer Soek-soek wegglip om die muise te gaan vertel, maar ook deur hulle gewantrou en antagonisties behandel word. Hierdie versteuring van die hoofkarakter se verhoudinge met die kabouters én met die muise het 'n verslegting en komplisering van die gebeure tot gevolg (hulle dink Soek-soek het hulle in 'n lokval gelei en 'n aanval waarin die emosies hoog loop, volg). Die resultaat hiervan is die finale uitsorteer van die waardesisteme by albei karaktergroepe. Dat juis Soek-soek die muise moes gaan inlig, het 'n belangrike waardestellende funksie in die verhaal, omdat hy as hoofkarakter die draer is van die positiewe waardes en dus hier vir die beginsel moet staan as sy medekarakters, wat veronderstel is om ook verteenwoordigers van

die goeie te wees, se goeie oordeel hulle tydelik in die steek laat, of omdat hulle nog nie die stadium van insig bereik het waarby Soek-soek, al is hy die jongste, reeds is nie. In hierdie opsig het daar dus 'n sisteem van verhoudinge ontstaan tussen die verskillende karakters se visie op die gebeure (dus die relatiewe werklikheid van die verskillende individuele werklikhede soos die karakters dit beleef), en die visie op die gebeure in die fiktiewe werklikheid uit die oogpunt van Soek-soek as karakter met wie die positiewe waardes in die verhaalwerklikheid geassosieer word.

Die gebeure in die verhaalwerklikheid hang daarmee saam dat karakters die verhaalwerklikheid wil laat korreleer met hulle ideale beeld van die werklikheid: die muise dink hulle het vir hulle 'n goeie hoeveelheid winterkos bymekaargemaak toe hulle die pille in die kombes se voue gaan wegsteek het; die kabouters visualiseer ook 'n wegsteekplek met volop winterkos (dieselfde pille). So ontstaan daar spanning en botsing wat die intrige en die tekensisteem met betrekking tot die gebeure steeds meer verwickeld maak - 'n strategie van die implisiete outeur om deur middel van seleksie van bepaalde gebeuremoontlikhede te verseker dat verskillende narratiewe skuiwe gebruik word om die visie ook hierdeur te kommunikeer.

* **Op soek na naalde**

Die kabouter Soek-soek werk nog so aan die baadjie toe breek die naald. En dit was die heel laaste naald. Doodstil sit hy na die stukkende naald en kyk, en sy ronde neus bewe, en sy blomere vou amper heeltemal toe van die skrik. (p. 1.)

Met hierdie krisissituasie begin die verhaal. Die belangrikheid wat aan die problematiese aard van die lewe in die verhaalwerklikheid met die vooropstelling van dié situasie verleen word, sluit onmiddellik aan by 'n faset van die werklikheidsvisie, naamlik dat die lewe problematies is.

Hierdie spesifieke probleem is nie die grootste probleem in hierdie verhaalwerklikheid nie. Omdat Soek-soek se laaste naald breek, word 'n gebeureketting aan die gang gesit wat nie soseer direk verband hou met die

hoofverhaallyn, naamlik die stryd oor die bruin pille nie, maar wat wel 'n ondersteunende funksie het met betrekking tot die tema en die visie van die verhaal. Dit skakel ook met ander gebeure in hierdie tekensisteem, want "Soek-soek dink: vir 'n kabouterkind kan jy lank wag as jy moet, maar nie vir naalde nie. Want die winter kom, en kabouters sonder warm klere kan maklik doodgaan van die koue." (p. 29.)

*** 'n Wens word bewaarheid**

Met die dood van die ou Jommiesjor waarvan aan die begin van die verhaal vertel word, en die geboorte van die klein Jommiesjor aan die einde van die verhaal, toon die verhaal 'n sikliese struktuur, wat selfs 'n spiraal kan aandui. Die moontlikheid ontstaan dat dié gebeure weer in die toekoms herhaal kan word, sodat die voortbestaan van kabouters by implikasie seker is.

Soek-soek se wens word vervul sonder dat hy hom spesifiek op daardie stadium daarop ingestel het of hom daarvoor beywer het. Ná die vredesluiting met die muise gaan hy na die voortuin en "sien ... dat die lig van 'n baie jong sekelmaan op 'n blom val. Dis die laaste laatsomerblom, 'n oranje blom wat die lig van die fyn sekelmaan drink. En toe, ver in die lug, verskiet 'n ster, en Soek-soek wens sy wens. Die blom verander in 'n klein, kaal kabouterijtjie." (p. 68.)

As gevolg van die plasing heel aan die einde van die verhaal kry hierdie scéne groter prominensie en in samehang met Fielfoer se mening dat elke ding op sy tyd uitgevind word, en dus ook op sy tyd moet gebeur, word ook die visie met betrekking tot die samehangendheid van die werklikheid gesteun: elke ding gebeur op sy tyd, al is dit nie altyd vir die karakter verstaanbaar en aanvaarbaar dat iets nie gebeur op die oomblik dat hy wil hê dit moet nie.

*** Die gebeure as tekensisteem**

Op die keper beskou gaan dit in al drie die gebeurelyne in wese om lewe en oorlewing - die bruin pille word aangesien vir winterkos, terwyl dit eintlik die dood kan veroorsaak, Soek-soek moet naalde hê om vir die kabouters warm klere vir die winter te maak omdat 'n kabouter sommer maklik van die koue kan doodgaan, en

die voortbestaan van die kabouters word bevestig en verseker met die geboorte van klein Jommiesjor.

In samehang met die ander verhaalelemente as paradigmas of tekensisteme lewer ook die gebeureparadigma 'n bydrae tot die tema, die visionêre proses en die groter kodesisteem.² Die gebeure as tekens vorm dus gesamentlik die verhaalintrige of tekensisteem, wat beskou kan word as die beweging van die verskillende individuele werklikhede binne die allesinsluitende verhaalwerklikheid.

4.4.1.6 Styl

In teenstelling met die vorige vyf afdelings waarin die basiese verhaalelemente en dimensies in oënskyn geneem is, is die taalgebruik en die styl van 'n literêre werk nie een van die konstituente van die verhaalwerklikheid as sodanig nie, maar die tekens en tekensisteme waarmee na die verskillende bestaanskategorieë (naamlik karakters, ruimte, tyd, gebeure) in die verhaalwerklikheid verwys word. Nie alle fasette van die taalgebruik nie, maar slegs die opvallende strategieë en hulle funksionaliteit in die kommunikasie van die visie sal kortliks bepreek word.

Behalwe dat die titel 'n kulminering is van verskillende motiewelyne en verskillende betekenisse, is hierin ook 'n aantal tekens as bewys van 'n sametrekking van verskillende styltegnieke: herhaling, karakterisering deur middel van naamgewing. Soek-soek is voortdurend op soek na antwoorde; reeds op p. 3 word daar 'n direkte verband tussen Soek-soek se wesenseienskappe en sy naam gegee, wat ook verband hou met die waardes van die verhaal. Hy is gedurig op soek na antwoorde op lewensvrae: "Jy wil alles weet ... Jy soek alewig antwoorde." Deur hierdie direkte skakeling tussen die titel en die wesensaard van die hoofkarakter soos dit in sy naam gemanifesteer word, is daar 'n dubbele bevestiging van die waardes in die visie van die verhaal.

Sintuiglikheid is 'n belangrike aspek van die styl in hierdie verhaal. Ten opsigte van die visuele is bruin 'n belangrike kleur omdat dit in samehang met die bos, wat een van die belangrikste tekens in die ruimtelike kode is, genoem word; daar word telkens van die "Bruin Bos" melding gemaak. Bruin word egter ook eenmaal in 'n negatiewe konnotasie gebruik as die Mensman sê: "Lekker bruin pille vir vaal

muise." (p. 27.) Ook die ander sintuie word benut; in die karakterbeelding word byvoorbeeld gesê dat Fielfoer 'n "skurwe stem" (p. 29) het. Verder neem Soek-soek ná sy besoek aan die Groot Kabouter die mooi van die bos met sy gesig-, tas-, gehoor- en reuksintuig waar:

Toe hy wakker word, kan hy sy oë nie glo nie. Buite skyn die son en die lug is so blou soos 'n koringblom. Die wind het gaan lê. Hy hoor populiere raas en die water in die stroom sliep-slap oor die klippe loop. Die grond en die bome, die dennenaalde en die klippe ruik wonderliker as enigiets wat Soek-soek al ooit in sy lewe geruik het. En oral sing voëls: keroekoe, pieplepiep, kirrr, bok-makierkier, fluit-fliet en kwaaa - alles deurmekaar. (p. 41-42.)

Soms is daar 'n duidelike poging om deur middel van klankryke woordgebruik te kommunikeer. Daarvan lewer die talle voorbeelde van alliterasie en assonansie bewys. Voorbeelde van assonansie is : "Tuitel hou nog die fluit vas waarop hy gespeel het" (p. 6); en: "'Wag, hy gaan klavier speel,' fluister Tuitel. Ek gaan luister" (p. 12) wat dui op die ikonisiteit tussen die klank en die betrokke karakter se naam. Die name van die kabouters mag wel dissonant wees, maar in hulle name kom deurgaans alliterasie voor: Soek-soek, Knopsius, Tuittel, Fielfoer, Saurfus, Boebus en Boebelbluk (by laasgenoemde twee is die allitererende klanke dieselfde, wat die twee name as tekstekens ook 'n "tweeling" maak). Soms het halfrym die funksie dat dit stemming skep of ondersteun, soos in dié sin: "Die son gaan onder en die skaduwees word dik en donker." (p. 32.) Dit sluit aan by die kontrastering van die bedreiging deur die vreemde en die bese, benouende ervarings wat Soek-soek in die bos gehad het teenoor die latere gevoel van sekuriteit by die Groot Kabouter. Ander voorbeelde van assonansie en alliterasie wat stemmingskeppend is, is die volgende: "Die wind waai al kwaaiert totdat die boomtakke kraak en kreun" (p. 35); Soek-soek sien 'n "sluiperige, gluiperige dierding" in die bos (p. 35). Halfrym wat grens aan klanknabootsing is die volgende: "Hulle hoor geld in sy beursie klingel; hulle hoor sleutels ringel-tingel." (p. 7.) Dan is daar vorme van meer direkte klanknabootsing. Die kabouters hoor byvoorbeeld die Mensman "sjoef-sjoef" (p. 27) op sy oggendvoete aankom, hulle hoor sy motor "huf-huf-huf"

(p. 7), die kanarie sing "tjrrrrr... ie- ie-ie" om dankie te sê, en in die grot vlieg 'n vlermuis "kwaps" teen Soek-soek vas (p. 40).

Verskillende vorme van herhaling kom voor. In die titel word "soek" tot 'n derde maal genoem, in 'n ander verband word herhaling eweneens met vermenigvuldigende krag gebruik: "Nou hardloop Soek-soek vinniger as 'n mens, meer as twee keer so vinnig soos 'n mens, amper drie keer so vinnig soos die vinnigste mens." (p. 4.) Dieselfde vorm van herhaling kom voor as Mya sê: "Asseblief, assegrootblief, assegrootgróótblief" (p. 56), wat progressie en intensiverende krag aan die versoek verleen. Alliterasie en assonansie, synde vorme van halfrym, is natuurlik ook vorme van herhaling. Herhaling funksioneer ook as 'n teken van die skep van verskillende stemminge. Die herhaling van "spring" is 'n teken van die beklemtoning van die kabouters se vreugde in die volgende sin: "Die tweeling dans met hulle dun bene: hoogspring, bokspring, syspring en blyspring." (p. 19.) 'n Ander stemming word in die volgende geskep: "In die eetkamer kom die muise al nader aan die kabouters wat nou teenmekaar staan... nader ..." (p. 62.) Boebus en Boebelbluk se dialoog kom gewoonlik met ritmiese sekerheid daarop neer dat dit wat Boebus sê in 'n leksikaal variante vorm, maar met byna dieselfde semantiese inhoud deur Boebelbluk herhaal word. Herhaling binne dieselfde sin is een wyse waarop woorde beklemtoon kan word, wat herhaling op die sintagmatiese as is. 'n Ander vorm van herhaling is wanneer woorde, frases, sinne of gedagtes (almal kommunikatiewe tekens) op die paradigmiese as herhaal word om sodoende motiewe in verskillende kodesisteme te vorm. So word die woorde "Bruin Bos" dikwels herhaal sodat dit kumulatiewe krag kry wat die visie van die verhaal deur middel van die ruimtelike kode ondersteun. Die herhaling van die woord "fluit" word 'n motief in die karakteriseringskode: Tuitel speel dikwels fluit en hy gee vir Soek-soek 'n fluit saam na die bos; Soek-soek kan nie fluit speel nie, maar die Groot Kabouter se stem klink "soos al Tuitel se fluite wat tegelyk speel" (p. 29). Ander motiewe in die karakteriseringsparadigma is die volgende: Soek-soek vra herhaaldelik vrae wat telkens bevestig dat hy die regte naam gekry het; Ger word herhaaldelik beskryf as die naaste, aakligste muis wat hom as opposisionele teken teenoorveral Soek-soek laat funksioneer; die verlange na 'n babakabouter is 'n volgehoue motief van die begin tot aan die einde van die verhaal. 'n Ander motief is in die

gebeureparadigma, naamlik die Groot Kabouter se opdrag dat Soek-soek self moet besluit wat hulle met die pille moet maak. Soek-soek se mus wat in die bos wegraak is ook 'n motief in die gebeureparadigma, alhoewel nie breed uitgewerk nie. Dit sluit aan by en ondersteun ander motiewe van geborgenheid en beskerming, soos die bed van voëltjiewere in die ruimteparadigma wat weer die vervlegting van motiewelyne en dus ook die sistemiese aard van die teks bevestig. Die gebruik van die motief as vorm van herhaling dra dus op verskillende wyses by tot die groter kodesistiem deur middel waarvan verskillende fasette van die werklikheidsvisie gekommunikeer word.

Sekere simboliese tekens funksioneer as kontraste, byvoorbeeld die water in die bos, en die water in die grot. Daar is ook 'n kontras tussen Soek-soek se ervarings in die bos en sy ervarings binne die grot by die Groot Kabouter. Kontraste tussen die kabouters en die muise met betrekking tot hulle waardesisteme, veral Soek-soek teenoor Ger, dui op die goeie teenoor die bose. Kontrastering tussen Soek-soek en die ander kabouters word na die oppervlak gebring met 'n enkele woord - "maar": "Almal gaan kruip in die bed van voëltjiewere. Maar Soek-soek kan nie slaap nie: hy is honger" (p. 68) (hulle wou nie vir hom ook van die appel gegee het vroeër die aand nie omdat hy na die muise toe wou gaan). Die "maar" funksioneer dus hier as indeksikale teken omdat dit verwys na die werklikheidsbeskoulike kontraste wat vroeër tussen Soek-soek en die ander kabouters bestaan het.

Die verskillende herhalings wat verstrooid in die teks as motiewe funksioneer word tekens van 'n hoër hiërargiese orde en word dus simbole. Woorde wat as tradisionele simbole funksioneer is byvoorbeeld "mis" (Soek-soek hoor die Groot Kabouter van anderkant die mis met hom praat, wat in die konteks van die religieuse werklikheidsvisie van hierdie verhaal dui op die gees van 'n hoër wese). "Bome" en "bos", veral "Bruin Bos" is ook simbole wat dui op die mens en die totaliteit van die werklikheid. Daar is verskillende simboliese funksies vir die gebruik van "water". Die water in die bos dui op die onderbewuste; by die Groot Kabouter loop daar water onder die grotvloer, wat 'n religieuse konnotasie kan hê - vergelyk Openbaring 22:1. "Muis" en "blom" is albei simbole wat aansluit by die kabouterverhaalwerklikheid. Die mus is 'n simbool van Soek-soek se identiteit as kabouter en die blom word hier, in aansluiting by die tradisionele maansimbooliek

geassosieer met vrugbaarheid - hier die geboorte van 'n kabouter. Bome, bos, blaar (die blaargordyn by die ingang van die grot), blom, maan, sterre is alles natuursimbole. Bos is hier 'n sleutelsimbool, so-ook grot, wat die bewuste en die onderbewuste (vergelyk die konnotasie met die donker) waarin die karakter homself as vollediger mens moet vind, simboliseer.

Die getalle drie en sewe staan op verskillende wyses uit in die konteks van die verhaal. Reeds in die titel word "soek" drie maal gebruik: *Soek-soek op seek*. Soek-soek wil antwoorde op drie probleemvrae hê: hy wil graag naalde hê, hy wil 'n klein kabouterjie hê om groot te maak en hy wil weet wat hulle met die bruin pille moet maak. 'n Ander verband waarin die getal drie gebruik word, is in verband met die geboorte van 'n babakabouter. Daar moet drie dinge in samehang wees voor 'n groter kabouter wat graag 'n babakabouter wil hê se wens bewaarheid sal word: die lig van 'n sekelmaan moet op 'n oranje blom skyn terwyl 'n ster verskiet. As selfs net een in hierdie kombinasie van die tekstekens sou ontbreek, sou die wens nie kon realiseer nie. Hierdie tekensisteem hoort in die ruimtelike kode. Die getal drie kom ook indirek voor in die alliterasie van die d-klank in "Jou dit se dat se dinges!" (p. 5) en die "huf-huf-huf" van die Mensman se motor. Soms word die getal drie eksplisiet genoem: kabouters loop "byna drie maal so vinnig soos die vinnigste mens" (p. 31-32). Wanneer Soek-soek na die Groot Kabouter gaan, is daar drie goed in sy bondeltjie: 'n fluit, 'n flessie salf en droë pampoenpitte. Soek-soek mag drie vrae aan die Groot Kabouter vra en dit is ook drie dae vandat hy van die akkerboomhuis weg is tot hy weer terug is (p. 39). Alhoewel daar in hierdie verhaal nie 'n Christus-afskaduwing geskep is nie, kan daar op grond van die veelvuldige herhaling van die getal drie wel 'n drie-enigheid afgelei word, sodat die visie van die verhaal wel as 'n Christelike werklikheidsvisie bestempel kan word. Verder is daar sewe kabouters in hierdie verhaal wat uit sewe hoofstukke bestaan. Ook sewe is 'n volheidsgetal wat dui op orde, 'n voltooide periode, vervuldheid en eenheid.

Daar is ook gebruik gemaak van ironie; die pille lyk soos kos, maar is eintlik gif. Dramatiese ironie kom voor wanneer die Mensman die gifpille gaan koop om die muise uit te roei, maar hulle dit gaan bêre vir winterkos. Ger belet die ander muise om van die pille te eet, maar eet dan self in die geheim daarvan, omdat hy nie

bewus is van die ware toedrag van sake nie. Hy eet om versadig te kom, maar gaan dan dood daarvan. Daar is dus dubbele situasie-ironie saamgetrek hierin. Ironies draai Soek-soek se versoek aan Mya dat sy moet sweer dat sy nie vir die muise sal sê hoekom Ger dood is nie, teen homself, want sy kom dit agter en vra dat hy dan vir die muise moet sê aangesien hy nog nie gesweer het nie (Sokratiese ironie). Die ironie is egter nie skrypend nie en ook nie dikwels gebruik nie.

Vergelykings kom byvoorbeeld voor wanneer Soek-soek se vlugvoetigheid beskryf word: "Nou hardloop Soek-soek vinniger as 'n mens, meer as twee keer so vinnig soos 'n mens, amper drie keer so vinnig soos die vinnigste mens." (p. 4.) Die Mensman se klavierspel is vir die kabouters "amper so mooi soos die geborrel van die water in die stroompie daar in die bos" (p. 12). Later, wanneer Soek-soek in die bos is, kom daar 'n omkering van hierdie vergelyking saam met 'n ander vergelyking voor: "Toe klim hy ondertoe en sien dennenaalde dik soos 'n mat onder die boom lê, en hy hoor water borrel, soos die Mensman van Sewentig se klaviermusiek die laaste keer." (p. 32.)

Metafoor kom baie selde voor. 'n Voorbeeld daarvan is dat dit vir Soek-soek voel "of hy nie net blomre het nie, maar sommer 'n groot blomhart ook" (p. 67).

Woordskeppings is eie aan die verhaal, maar dit het nie te make met die fantasiematigheid van die verhaalwerklikheid nie. Die Mensman "sjoef-sjoef" op sy "oggendvoete" (p. 27). Na analogie van "hoogspring" en "bokspring" word ook "syspring" en "blyspring" gemaak (p. 19), en na analogie van "hoogskop" en "opskop" ook "ver-skop" en "blyskop" (p. 52). Soek-soek word deur die ander kabouters daarvan beskuldig dat hy 'n "muisboetie" (p. 58) is (dit is ironies, omdat die kabouters op hierdie stadium nie soveel kennis en insig as Soek-soek het nie). Die keuse van die woorde "biltong" (p. 26) en "doringbome" (p. 43) is tekens daarvan dat die verhaal teen 'n Suid-Afrikaans-kulturele agtergrond afspeel.

Op grond van agterplasing aan die einde van 'n hoofstuk kan gesê word dat die bepaalde faset van die werklikheidsvisie benadruk word: "Hoe kan hy pille eet as die Groot Kabouter gesê het 'Julle mag nie?'" (p. 50.)

Afwyking van die normale sintaktiese orde kom baie selde voor. Voorbeeld: "Maar pille wat soos kos lyk en dan is dit gif!" (p. 57) - die onvolledigheid van die sin (dit het nie 'n gesegde nie) hef dit uit en funksioneer as 'n teken van emosionaliteit.

'n Belangrike styleienskap is die maksimale benutting van leestekens ter wille van frasering. So bly die sinne en die frases binne langer sinne betreklik kort.

Samevattend kan gesê word dat die styl betreklik eenvoudig is, dat dit besonder konkreet, maar ook beeldend is. Die styl is die struktuur-in-werking as 'n sisteem van 'n verskeidenheid tekens wat die visie direk of indirek raak. Tekstekens hou as sisteem verband met mekaar; dus is dit nie die opstel van 'n inventaris van 'n groot aantal betekenisdraers nie, maar die gronde waarop hulle generetiewe verwantskap berus en die wyses waarop hulle gesamentlik funksioneer om die visie sistematies (op die wyse van die (sisteem) tot openbaring laat kom. Daar is dus 'n korrelaat tussen die verhaalwerklikheid en die wyse waarop dit gekommunikeer word.

4.4.1.7 Eenheid en integrasie

Alle tekstekens in *Soek-soek op soek* hou direk of indirek verband met mekaar en met die visie van die verhaal, sodat al die tekstekens in 'n afhanklikheidsverhouding tot mekaar staan. Die karakters onderling is in bepaalde verhoudinge uitgebeeld. Die kabouters tot mekaar, die kabouters tot die mui se, die hoofkarakter tot al die ander karakters, en veral die hoofkarakter se verhouding tot die Groot Kabouter vorm alles kleiner, interafhanklike sisteme. Daar is ook 'n hiërargie ten opsigte van die ontstaansgrond en die opbou van tekensisteme onderskeibaar. Die verskillende karakters, soos Soek-soek, die ander kabouters, die Mensman en Goue kappie funksioneer byvoorbeeld almal as tekens binne die kategorie van die karakters wat draers is van die positiewe waardes, maar vorm weer saam met die karakters wat die negatiewe waardes dra, naamlik die dorpsmuis en die bosmuis, 'n teksteken wat hoër in die hiërargie van tekstekens staan, naamlik die karakteriseringparadigma, of anders genoem die karakteriseringsisteem.

Nie slegs tekstekens wat in ooreenstemming met mekaar funksioneer, soos die onderskeie kabouterkarakters wat meestal dieselfde waardes aanhang nie, maar ook teenstrydende tekstekens, soos die kabouters teenoor die muis, funksioneer dus

juis as opposisionele tekstekens in die groter integrasie van tekselemente om tot 'n sintese - die tema - by te dra.

Ook die plasing van die bepaalde karakters - die kabouters, die muise, die Mensman en Goue kappie in die mensdorp, die bosmuise en ander angswekkende kreature in die bos en die Groot Kabouter in die grot maak die karakters en die ruimte waarin hulle hulle bevind afhanklik van mekaar. Dit wat in die verhaalwerklikheid gebeur, naamlik onder andere die stryd oor die bruin pille tussen die kabouters en die muise, die tyd waarin dit gebeur, die fokalisasiehoek waarvandaan waargeneem en vertel word - in alle opsigte is daar dus 'n intersistemiese vervlegtheid tussen die verhaalelemente duidelik.

Maar dit wil uiteindelik iets meer beteken as bloot die vernuftige vervlegting van 'n groot aantal tekstekens op sintagmatiese en paradigmatiese vlakke: die tema van die verhaal is die knooppunt, die kulminasiepunt van die intensie van die kommunikasie. En dit wat die basis vorm van alle kommunikatiewe uitinge in die verhaal, die visie is dan dit wat direk of indirek in elke vesel van die teks teenwoordig is. In *Soek-soek op soek* wys die kabouters se onselfgenoegsaamheid en hulle behoefte aan die raad die Groot Kabouter wat in die bos woon waar die kabouters oorspronklik vandaan kom, heen na die gerigtheid op en die afhanklikheid van 'n hoër wese as hulleself. Omdat die positiewe waardes wat die verhaal kommunikeer met hierdie kode geïntegreer is en saamhang, kan die visie afgelei word uit al die tekensisteme. Gesamentlik kom die verskillende nuanses en dimensies in die werklikheidsvisie daarop neer dat daar nie altyd klinkklare antwoorde op vrae in die werklikheid is nie, dat daar 'n hoër wese is wat alwetend is en wat die karakters wat dié verhaal bevolk se behoeftes begryp en in dit wat nodig is voorsien, ook wat betref insig in die verhouding met ander karakters - vriend en vyand - wat die (verhaal-)werklikheid bevolk.

4.4.1.8 Die aard en die funksie van *Soek-soek op soek* as kinderverhaal met betrekking tot die teksinterne werklikheidsvisie - pragmatiese aspekte

Soek-soek op soek is wel 'n fantasieverhaal waarin fasette van probleme van die menslike bestaan geïmpliseer word, alhoewel op 'n wyse wat veral ten opsigte van

die karakterisering vry wil wees van die procédés in realistiese fiksie. Maar soos in enige literêre werk is daar tog werklike en herkenbare lewenswaardes ten opsigte van 'n duidelike visie met betrekking tot die verhaalwerklikheid wat uit die seleksie en kombinasie van die tekens en tekensisteme tot een groot kodesisteam afgelei word. Die aard van die wyse waarop hierdie visie tot openbaring kom kan herlei word tot die opbou van die totaliteit van die verhaalwerklikheid tot in elke klein besonderheid. Omdat die samehangende verhaalwerklikheid dit wat irrelevant is ignoreer, word net gefokus op die essensie in die werklikheidsvisie - 'n kwessie van seleksie en kombinasie van tekstekens. Algemene en besondere distinkiewe kenmerke van die kommunikasie van die visie kan terugskouend bespreek word.³

Daar is 'n groot aantal kenmerke waaruit die soort leser vir wie die teks bedoel is, met ander woorde die implisiete kinderleser, afgelei kan word. Soos in enige literêre werk is van die elemente karakters, ruimte, tyd, gebeure, vertelinstantie en fokalisasie gebruik gemaak. Tog is die selektiewe opbou en kombinasie van verhaalelemente as tekensisteme op so 'n wyse hanteer dat dit kindgerig en vanuit die kinderbeleving (dit wil sê die fokalisasiehoek van die hoofkarakter wat gewoonlik 'n kind of 'n karakter met wie die kind kan identifiseer is) is, met ander woorde dat die implisiete leser duidelik die jonger kind moet wees. Die kabouterkarakters is fantasiewesens op wie die jong kind sy eie fantasieë kan projekteer. Soek-soek as hoofkarakter is wel byna honderd jaar oud, maar relatief gesproke nog 'n kind met baie vrae oor die bestaanswerklikheid en as sodanig kan die kinderleser tussen ses en agt jaar met hom en sy verhoudinge met sy medekarakters (wat 'n soort familie is) identifiseer (vanaf die agste jaar leef die kind veel minder in 'n fantasiewêreld). Daar is 'n balans tussen die innerlike en die uiterlike beelding en beskrywing van die karakters. Die ruimte-wisseling tussen die akkerboomhuis, die Mensman se huis, die Bruin Bos en die rietbos is nie so dikwels en verwarrend dat 'n jonger kind dit nie sal kan volg nie. Vir die kind kan daar iets geheimsinnig of vreesaanjaend in die Bruin Bos skuil (wat weer vir die volwasseneleser alledaags is). Die tydstruktuur verloop ook oorwegend chronologies met vooruitskouinge en terugskouinge wat vir die kleiner leser heeltemal bevatlik en volgbaar kan wees. Die werklike duur van die verhaal is ongeveer ses dae, dus 'n relatief kort tydperk wat vir die kleiner kind volgbaar sal wees. Soms kom daar tempoovertragings voor, soos tydens die laaste krisissituasie

en hoogtepunt van die verhaal, wat spanning op pragmatiese vlak kan bewerkstellig. Die handelinge van die karakters is wel innerlik gemotiveer, maar die verhaal het heelwat aan uiterlike konflik en avontuur wat die gebeure betref om dit vir die kleiner kind wat nog op 'n sterk gebeurelyn ingestel is, boeiend te maak. Die verhaal is egter meer as slegs 'n boeiende gebeureketting. Omdat die verteller deurgaans vanuit Soek-soek se belewenishoek waarneem en vertel, is daar nie twyfel oor die karakter by wie die simpatie en die positiewe waardes van die verhaal geleë is nie. 'n Boeiende tema is logies deur middel van deurtastende situasies opgebou, die klimaks is natuurlik en die afronding bevredigend.

Die teks het fundamenteel 'n morele onderbou en eindig nie met 'n absoluut finale oplossing vir die probleem nie, maar wel op 'n hoopvolle noot. Die woordeskat is (in die akademiese sin van die woord) nie besonder ingewikkeld nie. Daar is wel blyke van die verbeeldingryke gebruik van alledaagse woorde wat heeltemal binne die jong leser se begripsvermoë is. Woorde het krag en oortuiging. Dit is goeie taalgebruik wat pas by die ouderdom van die leser alhoewel hy moontlik nie die skoonheid van die taal bewustelik ervaar terwyl hy lees nie - afhange van sy literêre taalkompetensie. In die taalgebruik van hierdie teks is klankrykheid, woordkeuse, sinsbou en paragrafering en 'n interessante tipografiese rangskikking van woorde en sinne (vergelyk die kabouters se vreugdeliedere op p. 54) belangrik. Die ritme en klank, wat bydra tot die atmosfeer is aspekte van die werk waarvoor die kinderleser bewus waardering kan hê. Sintuiglikheid speel 'n belangrike rol en daar is wat dit betref besondere aandag aan detail. Ten opsigte hiervan is die teks nie kleurloos of vervelend nie. Veral die dialoog is natuurlik en eg. Beeldspraak en stylfigure, soos vergelykings, metafore, herhaling en klanknabootsing word aangewend op 'n vlak wat die kind sal kan verstaan en waardeer. Die soort ironie wat hier gebruik word, is wel vir die jong leser verstaanbaar. Die jonger kind dink nog nie bewustelik aan simbole as simbole nie, maar kan op 'n onbewuste vlak 'n dieper dimensie vermoed of ervaar ten opsigte van byvoorbeeld die bossimboliek. Humor wat gebruik is, is subtiel maar tog duidelik genoeg dat 'n kinderleser dit sal kan snap. Al hierdie soorte taalgebruik het verskillende effekte op die leser, veral ten opsigte van die toonaard (ook die wisseling in die toonaard in verskillende situasies). Die taalgebruik is oor die algemeen nie besonder kompleks nie, alhoewel tog fris en oorspronklik. Dit hou direk daarmee verband dat die idees wat

gekommunikeer word nie in té ingewikkelde sintaksis/taal gestel kan word nie, anders sal dit die teiken mis. Die kompleksiteit van die visie sal nie deur die kinderleser verstaan word indien dit in té moeilike taal oorgedra word nie. Dit alles werk mee tot die beklemtoning van die goeie en die positiewe, sodat die waardes ten opsigte van dapperheid, eerlikheid, regverdigheid, getrouheid, standvastigheid en beginselvastheid deel van die sentrale tema is. Die didaktiese inslag van hierdie verhaal is inherent en subtiel deel van die teks en sodat *Soek-soek op soek* nie as 'n verhaal met 'n eksplisiete sedesles betempel kan word nie.

Die verhaalgegewe is in die geheel as lewenswaar aanvaarbaar. Alhoewel dit 'n fantasiewerklikheid is, is die ervaringe van die karakters binne die verhaalwerklikheid vir die jong leser vanuit sy verwagtingshorison verstaanbaar. In die geheel gesien is die informasie van die verhaalgegewe miskien nie binne die direkte ervaringsveld van die verwagtingshorison van die jong leser nie, maar wel binne sy intellektuele en emosionele bevatlikheidsvermoë. (Vergelyk punt 2.4.7.3.2.)

Illustrasies is nie deel van die literêre ondersoek nie, maar moet tog genoem word in die geval van 'n kinderboek omdat dit ook as kommunikatiewe tekstekens funksioneer. Gedagtebeelde soos die voorkoms van die kabouters (p. 10-11, 20, 24, 31, 52-53, 68), Soek-soek se benouende ervaring in die Bruin Bos (p. 36) en die konflik tussen die kabouters en die muise (p. 10-11, 61) wat deur illustrasies gevorm word, kan die verhaal aanvul deur die verwagtingshorison van die leser verder te verruim sodat die estetiese objek substansie kry. Die formaat van die teks en die aantal en grootte van die illustrasies laat blyk dat die implisiete kinderleser tussen ses en agt jaar is.

Nie alle kinderlesers sal alle oop plekke in die teks kan invul uit hulle eie literêre en kulturele verwagtingshorison nie (selfs nie alle volwasse lesers sal kan nie). Maar dit is juis 'n eienskap van die goeie kinderverhaal dat dit, behalwe dat dit die toets van die tyd sal deurstaan, ook deur volwassenes geniet kan word, deurdat daar tekstekens is soos die simboliek van die Bruin Bos en die grot wat deur die volwasenne ontsluit kan word. Tog kan die verhaal op konkrete vlak ook bloot as verhaal bestaan en as sodanig vir kinders bevredigend en genotvol wees.

Afhangende van die leser se voorkennis van en eie oortuigings ten opsigte van 'n Christelike werklikheidsbeskouing, asook sy vermoë tot abstrahering van konkrete teksgegewens, sal hy die Christelike werklikheidsvisie in die teks onbewus of bewus vermoed en identifiseer. In die geval van die kinderleser sal die religieuse dimensie moontlik nie ingesien word nie. Wat betref die visie is daar 'n maklik onderskeibare polarisasie tussen die bose en die goeie. Daar is nie direkte verwysings na God, Christus of 'n Christelike werklikheidsvisie nie, maar wel heelwat toespelings daarop, soos die alwetendheid van die Groot Kabouter, die verantwoordelikheid van die keuses wat die karakters moet maak in die veelvuldige gebruik van die getal drie. Dat die karakter na die bos toe gaan om die Groot kabouter te ontmoet beteken dat die mens God in afsondering, in die terugtrekking in jouself vind, maar juis daardeur beter met diegene om jou kan kommunikeer en oor die weg kom.

Die implisiete leser in *Soek-soek op soek* is tussen ses en agt jaar, maar elke individuele, reële leser se literêre en taalkompetensie, sy intellektuele en emosionele rypheid sal bepaal in watter mate hy die teks sal verstaan, geniet en waardeer.

Dit is reeds 'n klassieke siening dat die funksie van literatuur is om te vermaak en in te lig. Ook in die geval van kinderliteratuur gee die insigte in die samehangende verhaalwerklikheid groter insig in die tekseksterne werklikheid, omdat die teksinterne werklikheid na die reële werklikheid verwys en as sodanig 'n interpretasie, maar ook 'n representasie van die strukture in die reële werklikheid is.

Wat Bettelheim (1979:5) van die waarde van goeie kinderliteratuur sê, is ook van *Soek-soek op soek* waar:

For a story truly to hold a child's attention, it must entertain him and arouse his curiosity. But to enrich his life, it must stimulate his imagination; help him to develop his intellect and to clarify his emotions; be attuned to his anxieties and aspirations; give full recognition to his difficulties, while at the same time suggesting solutions to the problems which perturb him.

Tot ongeveer agtjarige ouderdom vind kinders fantasiekarakters soos kabouters interessant en vermaaklik. Die onvoorspelbaarheid van die verloop en uiteinde van die stryd tussen die kabouters en muise sal die leser se belangstelling prikkel en volgehoue boeikrag verseker. Verder sal die byvoorbeeld onidentifiseerbare gevare in die bos en die voorkoms en lewenswyse van die kabouters die leser se verbeelding stimuleer. Die verhaal bied ook moontlikhede vir emosionele verheldering deur die gevoel van identifikasie met die kabouters en gevoel van weersin in die muise, asook verdere emosionele dimensies van die ligter, humoristiese tot die mees spanningsvolle oomblikke. Die verhaal bied ook moontlikhede vir die ontwikkeling van die intellek met betrekking tot aspekte soos onder andere die oorsaak en gevolg van gebeure. Soek-soek se karaktereienskappe is vir die kleiner kind in ooreenstemming net sy eie angste en sekerhede, sy eie gevoelens van tekortkominge en sy eie gevoel van dapperheid en aspirasies om vrede te sluit tussen strydende partye wanneer hy met die muise gaan praat. Die teks gee ook erkenning aan die implisiete leser se moontlike herkenning van sy probleme, soos dat hy ook bang kan word, dat hy ook nie altyd die ondersteuning van almal in die groep het vir dit wat hy wil doen nie. Die verhaal gee in die uiteinde van die gebeure ook oplossings vir probleme, naamlik ten opsigte van die interpersoonlike verhoudinge tussen die kabouters onderling en die verhoudinge tussen die kabouters en die muise. Verskillende fasette van die visie van die verhaal het dus die potensiaal om die kinderleser in verskillende opsigte te verryk.

Daar is 'n aanbieding van nuwe dinge en ou dinge op 'n nuwe manier. Die oorspronklike, verbeeldingryke konkretisering van die tema kan aan die kind die gevoel gee dat daar nog baie is om te ontdek aangaande die wêreld waarin hy leef. Die geslaagde karakterisering is baie belangrik, omdat die kind daardeur sy medemens leer ken en deur identifikasie 'n weerspieëling van homself sien. Ten spyte van sy gebreke is Soek-soek nog 'n eerbare karakter. Juis omdat hy dikwels aan die kortste ent trek (hy twyfel soms, hy moes die gramskap van vriend én vyand verduur, hy hikkel wanneer hy benoud is, hy is soms verskrik) wen die implisiete outeur juis die simpatie van die leser vir Soek-soek en is hy daarom vir die kind 'n identifiseerbare karakter. Die kind kan op onbewuste vlak hierdeur groei tot beter begrip van homself, van diegene om hom en van universele mense-verhoudinge. Hierin is baie uiterlike, maar ook innerlike handeling. Die verhaal is 'n uiterlike

verkenning van die verhaalwerklikheid in die breedte, maar vir die kind kan dit 'n verkenning word van die dieptes en hoogtes van die innerlike, van die gees omdat hy bewus word van eie selfstandige denke en dienooreenkomstige optrede. Dié verhaal kan hom help om vrese en vooroordele te oorkom en hom help om deur vrae te vra, toegewyd aan sy oortuigings te wees, te groei tot selfstandige oordeel en besluitneming, en om standpunt in te neem vir dit wat hy glo wat reg is - dus aanmoedig tot eienskappe soos moed en wysheid ten spyte daarvan dat hy nog 'n kind is. Die kleiner kind kan ook uit Soek-soek se optrede tot die besef kom dat ook kinders 'n positiewe bydrae kan maak tot beter interpersoonlike verhoudinge. Die kind kan na die lees van die teks 'n ryper uitkyk hê op die lewe en geestelik groei. Dit kan verder sy belangstelling in verbande en verhoudinge in sy omringende werklikheid prikkel, sy verbeelding ten opsigte van die onsienbare stimuleer, help om sy intellek te ontwikkel en emosies te verstaan, dit kan sy instelling met betrekking tot sy eie angste, vrese en aspirasies beïnvloed, moontlike oplossings vir probleme aan die hand doen en eienskappe soos selfvertroue, wilskrag, deursettingsvermoë en dryfkrag bevorder. Die verskeidenheid emosies wat in hierdie teks ter sprake kom, is so groot, dat dit talle fasette van die identifiserende leser se persoonlikheid betrek. Verder kan hy ook deur die lees van hierdie teks die wêreld beter begryp en sin gee aan sy eie bestaanswerklikheid sodat ook daardeur 'n hoopvolle toekomsverwachting geskep kan word. Verbande wat hy insien (bewus of onbewus) tussen die fantasiewerklikheid (vanselfsprekend ook fiksionele werklikheid) en die reële werklikheid kan hom 'n beter begrip van sy eie bestaanswerklikheid gee. Die lees van die teks kan die kind dus op kognitiewe (verstandelike) en affektiewe (emosionele en geestelike) vlakke verryk.

Kinders evalueer die literêre teks intuïtief. Hulle stel byvoorbeeld baie belang in die karakters, maar nie in psigo-analise as sodanig nie. Die evaluering sal ook rekening hou met die jonger kind se emosionele rypheid, bevatlikheidsvermoë en belangstellingsterreine. Op die teoreties-pragmatiese vlak sal die implisiete kinderleser die Groot Kabouter moontlik sien as 'n wyse ou kabouter. Afhangende van die intellektuele en literêre kompetensie, sy kulturele kode en die leser se eie wordende werklikheidsbeskouing waarmee hy die teks ontmoet, en die begeleiding wat hy in die lees van die teks van 'n ouer, meer kompetente leser ontvang, sal hy

die religieuse dimensie in hierdie verhaal, wat deur die karakterisering van die Groot Kabouter bewerkstellig word, kan insien en evalueer.

4.5 OORKOEPELENDE TEMA EN VISIE IN *SOEK-SOEK OP SOEK*

Die tema (in semiotiese terme die argument - vergelyk punt 2.4.7.2) van die verhaal kan geformuleer word as dat 'n mens jou naaste moet liefhê soos jouself. Hierdie gedagte raak natuurlik die karakters in die verhaalwerklikheid, omdat die karakter uiteindelik dit is waarom dit in wese in die literatuur gaan. Tog impliseer dit dat met daardie karakter binne 'n bepaalde ruimte, in 'n bepaalde tyd sekere dinge gebeur het wat 'n nog verder abstrakteerbare dimensie, naamlik 'n bepaalde visie op die werklikheid tot gevolg het. Daardie visie word ook bepaal deur 'n religieuse gerigtheid op die Oorsprong van alle bestaanskategorieë, dit wil sê die gerigtheid op God of 'n afgod. Daar is die volgende basiese fasette van die werklikheidsvisie van die verhaal, naamlik die karaktersvisie (in die reële werklikheid korreleer dit met die mensbeskouing), die ruimtevisie (in die reële werklikheid verwys dit na die wêreldbeskouing), die tydsvisie (die beskouing met betrekking tot die tyd) en die visie op die gebeure (dit wil sê die lewensbeskouing). Al hierdie kategorieë is interafhanklik en word gekleur deur 'n religieuse visie (Godsbeskouing). Hierdie werklikheidsvisie is afgelei uit konkrete tekstekens, wat deur die interpreterende leeshandeling van die leser tot tekensisteme herlei word deur bepaalde kodes en groter kodesisteme. Tussen die verskillende paradigmas bestaan daar 'n simboliese relasie wat dui op die verbandhoudende eenheid in die werklikheid. Uit die uiteindelijke estetiese objek, of dan die betekeniskorrelaat van die teks in die lesersbewuste word die visie geabstrakteer uit die verskillende hoofparadigmas, wat neerkom op die teenstelling tussen die goeie en die bose - 'n fundamentele grondtrek van sowel die epos as die reële werklikheid.

Wat die visie op die karakters wat die verhaal bevolk betref, blyk dit dat die mens (hier verteenwoordig deur kabouters) voortdurend soek na antwoorde op vrae en oplossings vir probleme. As karakter binne die verhaal het die hoofkarakter 'n beperkte perspektief op die lewe en kan hy net handel by die lig wat hy op 'n bepaalde stadium het. Elkeen het 'n bepaalde plek in die wêreld, 'n rol om te vervul en 'n doel in die lewe. Verder is die mens 'n wese met individualiteit, identiteit en

verantwoordelikeid. Een van die verantwoordelikehede is om jou naaste te respekteer en lief te hê soos jouself, maar die insig in die wyse waarop dit tot uitdrukking kan kom in die elkedagse menseverhoudinge is nie moontlik as jy nie eers jouself en God gevind het nie (vergelyk die bos- en grotsimboliek, asook die rol van die Groot Kabouter). Die afdaal in die dieptes van die self is nodig sodat jy ook God kan vind wat nie net in die werklikheid daarbuite teenwoordig is nie, maar ook binne die mens self.

Die visie met betrekking tot die verhaalruimte behels onder andere dat die wêreld 'n plek is van stryd, vyandigheid, konflik en fisiese en metafisiese gevare. Kortom - die mens leef in 'n gebroke werklikheid. Een van die mens se grootste gevare in die werklikheid is hyself, deurdat hy die lewensterrein vir homself 'n onaangename bestaansruimte kan maak as gevolg van sy eie denkfoute, dwalinge en gebrekkige oordeelsvermoë. Wanneer hy die lig op sy probleme by 'n hoër wese, in hierdie geval die Groot Kabouter wat verwys na God, gaan soek, kry hy riglyne vir die skep van 'n beter bestaanswerklikheid, en so maak hy van die wêreld 'n beter plek om in te woon. Hierdie bestaanswerklikheid word dan gesien as 'n ruimte waarin elkeen se eie identiteit erken word en waarin vreedsame naasbestaan moontlik gemaak kan word.

Tyd word in die verhaal gesien as 'n dimensie met 'n sinvolle verlede, hede en toekoms. Soos dit hier gehanteer word, het die tyd 'n sikliese struktuur, maar daar is ook voortgang in die tyd tot in die ewigheid (vergelyk die Groot Kabouter wat "vir altyd" kan lewe). Behalwe dat alles tydsbepaald is, het elke gebeurlikheid ook sy plek in die tyd - vir die mens of karakter in die verhaal is dit nie altyd verstaanbaar nie, omdat die mens gewoonlik onmiddellike antwoorde op vrae en onmiddellike oplossings vir probleme wil hê en 'n beperkte perspektief het ook wat hierdie bestaansdimensie betref; ook hierin ken hy maar ten dele en het nie 'n perspektief op die samehange in die kosmiese tyd nie. Die verhaal het wel in 'n sekere mate 'n oop einde, maar het tog 'n visie van 'n hoopvolle toekomsverwachting.

Die visie op die lewe het ook verskillende fasette. Een van die mees basiese daarvan is dat die lewe problematies van aard is, en dat die waarnemer gebeure nie altyd verstaan nie. Die verhaal raak ook fundamentele bestaanskwessies van die mens aan soos oorlewing. Die visie hierop is dat oorlewing nie moet geskied ten

koste van ander nie. Gebeure gee ook aanleiding tot groei by die individu ten opsigte van sy kennis en insig in interpersoonlike en groepsverhoudinge. In die laaste instansie kom dit neer op die universele stryd tussen goed en kwaad. Die indruk wat die gebeure in die verhaalwerklikheid op die individu maak, is dat alles chaoties is, maar omdat hy 'n beperkte visie op die werklikheid het, verstaan hy nie alles op die oomblik dat dit gebeur nie. Tog is daar duidelik 'n visie dat daar logika en kousaliteit is in alles wat gebeur, afhangende van die religieuse lig waarby daarna gekyk word.

Ten diepste is die religieuse bepaaldheid, die Oorsprong van alles die belangrikste aspek van die gerepresenteerde werklikheidsvisie. Die gerigtheid op en afhanklikheid van 'n alwetende en alwyse Hoër Wese is uiteindelik die stramien van die samehang en sin van die kommunikatiewe intensie van die verhaal.

Aantekeninge:

1. Bladsynommers tussen hakies verwys na Steenberg, E. 1980. *Soek-soek op soek*. Kaapstad: Tafelberg.
2. Die rekonstruksie van die storie (fabel) teenoor die verhaal (sujet) word nie breedvoerig uitgewerk nie.
3. Bostaande is nie 'n model van alle moontlike kenmerke van die kinderverhaal nie, maar wel 'n aanduiding van die wyses waarop die kommunikasiestrategieë in *Soek-soek op soek* die tema en die visie op die werklikheid konkretiseer.